University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)

# ‘N SOSIAAL-WETENSKAPLIKE ANALISE VAN

# DIE BOEK ESTER

**DEUR: ANNA CATHARINA BAIRD**

**VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD**

**MAGISTER ARTIUM**
**(ANTIEKE KULTUURGESKIEDENIS)**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: PROF PJ BOTHA**

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)

***Opgedra aan***

***My Voorgeslag en Nageslag***

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)

**Met onuitspreeklike dank aan**

**Die alwetende, alomteenwoordige**

**“EK IS...”**

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)

**ERKENNING EN DANKBETUIGING**

**My opregte dank aan:**

- My studieleier, Prof Phil Botha, vir sy rigtinggewende gesprekke en terugvoer;
- Thea Heckroodt vir haar vriendelike behulpsaamheid met literatuursoektogte en belangstelling;
- My kinders vir hulle belangstelling, aanmoediging en ondersteuning:
    - Francois en Greta vir hulle "noodredding" en rekenaarhulp;
    - Benadé vir sy hulp met transparant-ontwerpe;
- Dr Fanie Cronjé vir sy geduldige oor en eksegese;
- Chris Leipoldt vir die finale taalversorging;
- Corrie en Petra vir hulle akademiese insette; en
- My familie en al my vriende vir hulle aanmoediging, ondersteuning en begrip vir "kuiers verskuldig".

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

**HOOFSTUK 1**

**1. Inleiding** 1

1.1 Probleemstelling 2
1.2 Navorsingsdoelwit 2
1.3 Navorsingsvraag 3
1.4 Samevatting 4

**HOOFSTUK 2**

**2. Sosiaal-wetenskaplike kritiek as metode vir ontleding van die boek Ester** 5

2.1 Eksposisie van sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode 5
2.2 Sosiaal-wetenskaplike kritiek volgens Elliott (1993) 7
2.3 Samevatting 9

**HOOFSTUK 3**

**3. Die teikengehoor of leser-hoorders** 10

3.1 Geografiese ligging 10
3.2 Die identiteit en sosiale plek van die teikengehoor 12
3.3 Geslagstatus en -rolle 14
3.4 Sosiale netwerke, tradisies en geloof wat die leser-gehoor veronderstel is om met die outeur te deel 15

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



**INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)**


| | | |
|---|---|---|
| 3.4.1 | Die familie | 17 |
| 3.4.2 | Identiteitsgroepe | 18 |
| 3.4.3 | Eerbetoon | 20 |
| 3.4.4 | Gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid | 23 |
| 3.4.5 | Godsdiensfeeste | 24 |
| 3.5 | Die sosiale kenmerke van die boek Ester | 25 |
| 3.6 | Samevatting | 27 |

**HOOFSTUK 4**

| | | |
|---|---|---|
| **4.** | **Outeurskap** | 28 |
| 4.1 | Outeurskap in die boek Ester | 29 |
| 4.2 | Ooreenstemmende verhale | 30 |
| 4.2.1 | Die verhaal van Judith | 30 |
| 4.2.2 | Die Josef-verhaal | 31 |
| 4.3 | Samevatting | 33 |

**HOOFSTUK 5**

| | | |
|---|---|---|
| **5.** | **Die strategie van die boek Ester** | 34 |
| 5.1 | Strategie-beplanning | 36 |
| 5.1.1 | Die doel van die boek | 36 |
| 5.1.2 | Beskikbare inligting | 36 |
| 5.1.3 | Die strategie wat die outeur gevolg het om sy doel te bereik | 36 |
| 5.2 | Die oorsprong van die Purimfees | 37 |
| 5.3 | Die literêre genre van die boek Ester | 38 |

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



**INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)**


| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Literêre kenmerke van die boek Ester | 41 |
| 5.4.1 | Ironie | 41 |
| 5.4.2 | Humor | 42 |
| 5.4.2 | Volksverhaal | 42 |
| 5.5 | Ideologie | 43 |
| 5.6 | Boodskappe in die boek Ester | 44 |
| 5.6.1 | Apologie | 44 |
| 5.6.2 | God is in beheer | 44 |
| 5.6.3 | God beskerm sy volk | 45 |
| 5.6.4 | God sorg dat sy volk in vyandiggesinde en vreemde situasies oorleef | 45 |
| 5.6.5 | Botsende wêreldbeskouings | 46 |
| 5.6.6 | Aanspreeklikheid | 47 |
| 5.6.7 | Hoop | 48 |
| 5.7 | Samevatting | 48 |

**HOOFSTUK 6**

| | | |
|---|---|---|
| **6.** | **Analise van die makrostruktuur van die boek Ester** | 49 |
| 6.1 | Die formaat van die boek Ester | 50 |
| 6.1.1 | Die inleiding | 50 |
| 6.1.2 | Die hoofdeel of liggaam | 50 |
| 6.1.3 | Die slot | 52 |
| 6.2 | Die sekwensiële indeling van die boek Ester | 53 |

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



**INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)**


| | | |
|---|---|---|
| 6.3 | Die struktuur van die boek Ester | 56 |
| 6.3.1 | Die chiastiese beginsel | 56 |
| 6.3.2 | Paralellisme | 59 |
| 6.3.3 | Trislegomena | 59 |
| 6.4 | Dinamiese motiewe in die boek Ester | 60 |
| 6.4.1 | Motief: Feeste | 60 |
| 6.4.2 | Motief: *'Om te vas'* | 62 |
| 6.4.3 | Motief: Die Purimfees as hoofmotief | 62 |
| 6.4.4 | Motief: Koningskap | 63 |
| 6.4.5 | Motief: Gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid | 67 |
| 6.4.6 | Motief: Wysheid | 70 |
| 6.5 | Temas in die boek Ester | 73 |
| 6.5.1 | Tema: Mag | 73 |
| 6.5.2 | Tema: Lojaliteit aan die Joodse gemeenskap | 75 |
| 6.5.3 | Tema: Lojaliteit aan koning Ahasveros | 76 |
| 6.5.4 | Tema: Marginaliteit van vroue | 77 |
| 6.5.5 | Tema: Onaantasbaarheid | 79 |
| 6.5.6 | Tema: Peripetie of ommekeer | 79 |
| 6.6 | Samevatting | 81 |

**HOOFSTUK 7**

| | | |
|---|---|---|
| **7.** | **Slotbeskouinge** | 82 |
| **8.** | **BRONNELYS** | 86 |

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



**OPSOMMING**

In hierdie studie is die bydrae wat sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode vir die verstaan van die boek Ester kan maak, ondersoek.
Die doel, naamlik om die boek Ester beter te verstaan, is bereik deur ‘n uitgebreide literatuurverkenning. Die nege vrae wat Elliott (1993:72) in sy boek “What is Social-Scientific Criticism?” stel, is as basis vir analise gebruik.

Die outeur van die boek Ester het waarskynlik die diaspora-Jode (539 vC tot 332 vC) in gedagte gehad by die skrywe van die Ester-verhaal, wat deur verskeie navorsers beskryf is as ‘n goeie verhaal wat goed vertel word.

Die sosiale agtergrond van die verhaal is verken en die leser-gehoor is geïdentifiseer. Die strategie wat die outeur gebruik het om die leser-hoorders te motiveer om getrou aan hulle Joodse tradisies te bly, is bespreek.

Die ideologiese tema van die boek Ester verwys na die voorsienigheid van God, al word sy naam nie in die oorspronklike Hebreeuse teks genoem nie. Die outeur sluit hierby aan deur implisiete boodskappe aan die lesers te rig.

‘n Bespreking van die makrostruktuur van die boek Ester, insluitend die dinamiese motiewe en temas, voltooi die ontsluiting van die sosiale en kulturele aspekte van die boek.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## SUMMARY

In this study, the contribution of social-scientific criticism as an analytical method towards an understanding of the book Esther has been researched.
The aim, namely to improve an understanding of the book Esther, has been achieved by means of an extensive literature study in order to obtain answers to the nine questions that Elliott (1993:72) uses as a basis for social-scientific criticism in his book "What is Social-Scientific Criticism?"

The unknown author of the book Esther presumably had the Diaspora Jews (539 BC to 332 BC) in mind when he wrote the Esther narrative. Various researchers have described the Esther narrative as a good story that is well told.

In this study, the social background to the story is explored and the reader audience identified. The strategy used by the author to motivate his readers to remain true to their Jewish traditions is discussed.

The ideological theme of the book Esther refers to the providence of God, although his name is not mentioned in the original Hebrew text. The author concurs with this theme by means of implicit messages directed at the readers.

A discussion of the macrostructure of the book Esther, including the dynamic themes and motives, completes the exposition of the cultural and social aspects of the book.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Die sosiaal-wetenskaplike analise van die boek Ester is ‘n poging om die boek te verstaan. Die boek se insluiting in die kanon het ‘n lang geskiedenis, maar word nie op dieselfde manier deur Jode en Christene verstaan nie. Hierdie poging om tot ‘n verstaan te kom, gaan van die veronderstelling uit dat die boek ‘n ideologiese dokument in narratiewe vorm is. Die belangrike kodes wat in die verlede misgekyk is, lê op sosiale vlak. Om hierdie rede is die sosiaal-wetenskaplike kritiek gekies om die boek te analiseer sodat die sosiale kodes waarin dit gekodeer is, blootgelê kan word. Die verwagting is dat tot nuwe insigte gekom sal word oor hoe die boek deur sy eerste lesers verstaan is en hoe die boek binne ‘n moderne konteks verstaan behoort te word.

Bybellesers kan bemagtig word om die boek Ester te verstaan deur kennis te verkry van die sosiale agtergrond waarteen die verhaal geskryf is. Dit word gedoen deur ‘n sosiaal-wetenskaplike analise van die boek Ester met gebruikmaking van die sosiaal-wetenskaplike kritiek as metode (Elliot 1993).

Die sosiale interaksie tussen die outeur, die teks as boodskap en die diaspora-Jode in die na-eksiliese periode (539 vC tot ongeveer 323 vC), word bespreek.
‘n Bespreking wat kennis oor die outeur, die geïmpliseerde teikengehoor of leser-hoorders, die sosiale situasie in die narratief, die boodskappe en strategie van die outeur om sy boodskappe oor te dra, kan ‘n insiggewende bydrae lewer tot die verstaan van die boek Ester.

Vir die doeleindes van hierdie analise en omdat sosiaal-wetenskaplike kritiek gerig is op die oorspronklike teks, word die Masoretiese teks as vertrekpunt gebruik.

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Die verhaal van Ester word gekenmerk deur kleurryke beskrywings van die Persiese paleis, die onwrikbaarheid van die koning in die nakoming van Persiese wette, handhawing van die sosiale waardes van die Joodse volk selfs in ballingskap, die heroïese optrede van koningin Ester en die sigbaarheid van die onderliggende ideologie van ‘n verbondsvolk, sonder dat die naam van God of sy gebod êrens aangehaal word. Die konteks waarin die verhaal van Ester geskryf is, is kompleks. Die Jode is as ballinge weggevoer, eers na Babilon onder heerskappy van koning Nebukadneser waarna Babilonië deur die Perse verower is. Die Joodse ballinge is versprei in die Persiese Ryk en elders oor die antieke wêreld, vandaar die benaming diaspora-Jode. Onder elke nuwe heerskappy is die Joodse ballinge blootgestel aan ‘n kultuur wat merkbaar verskil van hul eie, veral ten opsigte van godsdiensbeoefening waarvan die tradisies en sosiale gebruike soos die besnydenis en spesifieke eetgewoontes feitlik ‘n onlosmaaklike deel vorm.

Teenstrydighede ten opsigte van die tradisies, godsdiensbeoefening en sosiale gebruike val die ernstige Bybelleser dus op en vergroot sy probleem om die boek Ester te verstaan. Hoe is dit moontlik dat Ester, ‘n Jodin, as koningin vir die Persiese koning Ahasveros gekroon word? Te meer nog, hoe kon sy geslagsgemeenskap met ‘n onbesnede man gehad het? Wat van die vas en sabbatsgebruike? Kon dit ongemerk by die hofdienaars wat altyd oral teenwoordig was, verbygegaan het? Hoe kon sy twee verskillende kulture handhaaf en dan nog tot redding van haar volk kom? Waarom is daar geen verwysing na God, of godsdiensbeoefening deur koningin Ester of Mordegai nie? Lig kan op hierdie probleme gewerp word wanneer wanneer ‘n analise van die sosiale agtergrond van die boek gedoen word.

## 1.2 NAVORSINGSDOELWIT

Sosiaal-wetenskaplike kritiek is ‘n eksegetiese metode wat poog om die oorspronklike sosiale en kulturele agtergrond van die teks deur middel van beskikbare bronne te analiseer. In hierdie metode val die klem minder op die individuele outeur en

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



karakteranalise as in narratiewe kritiek, en meer op die dinamiek van spesifieke sosiale instellings van die samelewing waarin hy geleef en gekommunikeer het, aangesien betekenis as 'n sosiaal-gekontrueerde fenomeen verstaan word.
Die onmiddellike veld van sosiale interaksie waarin 'n teks as medium van sosiale uitruiling dien, het betrekking op die oorspronklike historiese en sosiale omgewing waarin die teikengehoor of leser-hoorders hulle bevind het, hul onderskeie geografiese gebied, die aard van hul verhouding tot die outeur en onderling tot mekaar, die omstandighede wat die skrywe voorafgegaan het en die wys waarop die teks ontwerp is om as draer van 'n spesifieke boodskap(-pe) te funksioneer.

In die sosiaal-wetenskaplike kritiek van die boek Ester word die sosiale interaksie tussen die outeur, die teks as boodskap en die diaspora-Jode in die post-eksiliese periode (539 vC tot ongeveer 323 vC), bespreek.

**Die doel is**

**Om met behulp van sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode, die boek Ester te verstaan.**

### 1.3 DIE NAVORSINGSVRAAG

Ten einde die navorsingsdoelwit te bereik, word uitvoering aan die navorsingsvraag gegee, naamlik:

**'n Ondersoek na die bydrae wat die sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode kan lewer tot die verstaan van die boek Ester.**

Aspekte van die sosiale dinamiek wat aangespreek word, sluit ondermeer die kwessies van eer en skaamte, groepsidentiteit teenoor individuele identiteit, sosiale status, asook die begrippe rein en onrein in. Die verbonds-ideologie wat onderliggend aan die Joods

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



godsdiens is, asook die overte en koverte boodskappe vervat in die boek, word as deel van die outeur se strategie om sy boodskappe oor te dra, bespreek.

'n Reeks van nege vrae word deur Elliott (1993) gestel in sy boek "What is Social-Scientific Criticism?" en word as vertrekpunt gebruikvir die verstaan van die boek Ester. Die vrae is gerig op die outeur, geïmpliseerde lesers van die verhaal en die sosiale situasie in die teks.

## 1.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan die verantwoording en oriëntering tot die studie. Die agtergrond tot die studie word gegee. Die navorsingsprobleem en -doelwit word uiteengesit. Die navorsingsmetode is kortliks verduidelik.

Hierdie analise van die boek Ester word gegrond op die sosiaal-wetenskaplike kritiek soos beskryf deur Elliott (1993) en aangevul deur 'n uitgebreide, toepaslike literatuurstudie.

Vervolgens die hoofstukuiteensetting:

| | |
|---|---|
| HOOFSTUK 1: | Inleiding |
| HOOFSTUK 2: | Sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode vir die boek Ester |
| HOOFSTUK 3: | Die teikengehoor of leser-hoorders |
| HOOFSTUK 4: | Outeurskap |
| HOOFSTUK 5: | Strategie van die boek Ester |
| HOOFSTUK 6: | Analise van die makrostruktuur van die boek Ester |
| HOOFSTUK 7: | Slotbeskouinge |

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



# HOOFSTUK 2

# SOSIAAL-WETENSKAPLIKE KRITIEK AS METODE VIR ANALISE VAN DIE BOEK ESTER

Elliott (1993:7) definieer sosiaal-wetenskaplike kritiek van die Bybel as:

"that phase of the exegetical task which analyzes the social and cultural dimensions of the text and of its environmental context through the utilization of the perspectives, theory, models, and research of the social sciences".

## 2.1 EKSPOSISIE VAN SOSIAAL-WETENSKAPLIKE KRITIEK AS ANALITIESE METODE

Elliott (Elliott 1993:7) gaan verder deur te sê dat dit 'n komponent van die histories-kritiese metode en 'n subdissipline van eksegese is. As subdissipline van eksegese is sosiaal-wetenskaplike kritiek onlosmaaklik verwant aan ander vorme van eksegese soos historiese, narratiewe en teologiese kritiek wat die ander metodes van kritiese analise komplementeer om sodoende by te dra tot beter begrip van die probleem wat ondersoek word (Elliott 1993:7). Elkeen van die ander genoemde metodes van kritiese analise is ontwerp om spesifieke aspekte van Bybelse tekste te analiseer.
Die waarde van hierdie benadering tot Bybeltekste is daarin geleë dat die teks as instrument van sosiale kommunikasie en interaksie gesien word. Die algemene doelwit van sosiaal-wetenskaplike kritiek is die analise, sintese en interpretasie van die sosiale, literêre en ideologiese (teologiese) dimensies van 'n teks, die korrelasie tussen hierdie tekstuele kenmerke en die wyse waarop dit ontwerp is om as 'n oorredende medium van kommunikasie en sosiale interaksie te dien. Gevolge voortspruitend hieruit is van sosiale, literêre en teologiese aard (Elliott 1993:70).

Sosiaal-wetenskaplike kritiek is 'n ander vorm van Bybelse kritiek wat ontstaan het deur die toepassing van insigte en metodes van die dissiplines van sosiologie,

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



antropologie en etnografie. Hierdeur kan aspekte van die antieke sosiale lewe wat in Bybeltekste manifesteer beskryf word en kan die sosiale wêreld wat as agtergrond vir die teks dien, gerekonstrueer word. Volgens Miller (Carter & Meyers 1996:4) het historiese kritiek altyd 'n sosiale dimensie gehad aangesien dit belangstel in volkere, state, sosiale groeperings en godsdiensbewegings.

Chalcraft (1997:78-79) meen dat die resultate van kruis-dissiplinêre aktiwiteite daartoe bygedra het om Bybelse historici sensitief te maak vir die wetlike aspekte in teenstelling met die idiografiese kenmerke van antieke Israel, want dit het hulle forseer om die sosiale dimensie van die Israelse godsdiens te konfronteer. Volgens hom het die meeste Bybelse navorsers bewus geraak van die subtiele wyses waarop die navorsers se agtergrond, sosiale posisie en selfs hulle geslag hul siening oor antieke Israel beïnvloed het (Chalcraft 1997:78-79). Die meeste sosiaal-wetenskaplikes gee toe dat verantwoordelike interdissiplinêre aktiwiteit beteken dat kennis en aktiwiteite van die historiese en sosiaal-wetenskaplike benaderings asook die menswetenskappe soos sosiologie en kommunikasiekunde mekaar komplementeer, met gevolglike wedersydse beïnvloeding en verandering.

Sosiaal-wetenskaplike kritiek ondersoek Bybeltekste as 'n betekenisvolle vorm van taal wat veronderstel is om kommunikasie tussen die outeur en sy leser-gehoor te bewerkstellig. Hoé die teks egter gelees word hang af van die individu se sosiale plasing (Chalcraft 1997:272). Hierdie benadering vind plaas binne die aanname dat alle outeurs en interpreteerders deur tyd, plek en omstandighede gekonfronteer is en dat sulke perspektiewe bepaal word deur 'n persoon se sosiale stand en plek (Elliott 2001:7).

Die sosiaal-wetenskaplike kritiek bestudeer dus die teks beide as 'n refleksie van, en 'n antwoord op, die sosiale en kulturele omgewings waarin die teks geproduseer was. Hierdeur word die eksplisiete en implisiete betekenisse in die teks gevorm en moontlik gemaak deur die sosiale en kulturele sisteme waarin die outeur en bedoelde ontvangers hulle bevind (Elliott 1993:8).

Murphy (2002:1) se siening oor sosiaal-wetenskaplike kritiek vind aansluiting hierby. Sy beklemtoon dat daar gesoek moet word na leidrade in die teksinhoud en retoriek van die oorspronklike sosiale en kulturele opset van die teks (Murphy 2002:1). Daarvolgens

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



kan die interpreteerder nie sonder meer aannames oor die tekstuele betekenis maak sonder om die sosiale agtergrond en gebruike van die outeur se wêreld te verstaan nie. In hierdie metode val die klem minder op die individuele outeur en meer op die sosiale gemeenskap waarin hy geleef het omdat betekenis as ‘n gekonstrueerde fenomeen verstaan word (Murphy 2002:1). Ook Elliott (1993:36) verwys na ‘realiteit’ as ‘n sosiaal-gekonstrueerde fenomeen.

Sosiaal-wetenskaplike kritiek van ‘n Bybelteks het ten doel om die teks, sy genre, inhoud, struktuur, betekenis  en retoriese strategie te verstaan as kanaal vir betekenisvolle diskoers in sy oorspronklike historiese, sosiale en kulturele konteks en as medium vir sosiale interaksie.

## 2.2 SOSIAAL-WETENSKAPLIKE KRITIEK AS METODE VOLGENS ELLIOTT (1993)

Die sosiaal-wetenskaplike kritiek as metode wat Elliott (1993:72) gebruik om ‘n Bybelteks te analiseer, bestaan uit nege vrae:

1) **Wie is die eksplisiete of implisiete vermelde leser-hoorders van hierdie dokument?**

   In die soeke na ‘n antwoord op hierdie vraag, word die volgende aspekte beskryf:

   - die leser-hoorders se geografiese gebied en sosiale samestelling,
   - hulle verhouding tot die outeur,
   - hulle sosiale plasing en die netwerke waaraan hulle moontlik behoort,
   - die sosiale en kulturele teks, aanneembare strukture en uitsonderlike tradisies en gelowe wat die leser-gehoor veronderstel is om met die outeur te deel, en
   - die samestelling van ‘n sosiale profiel van die leser-gehoor.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



2) **Wie is die eksplisiete of implisiete vermelde outeur en, indien die teks anoniem is, op watter basis kan die die outeur se identiteit afgelei word?**

Aangesien die outeur anoniem is, sal gesteun word op afleidings wat gemaak kan word oor sy identiteit en van die verhouding tussen die bedoelde gehoor en die outeur.

3) **Hoe word die sosiale situasie in die teks beskryf?**

Ten opsigte van die sosiale situasie wat in die teks beskryf word, word gelet op inligting wat in die teks beskryf word asook inligting wat deur herhaling, herformulering of emfatiese plasing beklemtoon word. Bronne ekstern tot die teks word ook vir meer inligting oor die situasie ondersoek. In hierdie opsig sal gelet word op die bevestiging of weerspreking van eksterne bronne teenoor die interne bron (teks).

4) **Hoe diagnoseer en evalueer die outeur die situasie?**

Sekere fenomene word uitgesonder vir noodsaaklike verandering in die situasie. In die evaluasie deur die outeur word gelet op idees, gelowe, waardes en norme wat betrokke kan wees by so ‘n evaluasie.

5) **Hoe is die strategie van die teks sigbaar in sy genre?**

Inagnemend die strategie wat die outeur gebruik om sy boodskap effektief aan die leser-gehoor oor te dra, word daar aandag gegee aan:

- die inhoud: idees, dominante terme, vergelykings en kontraste, tradisies wat toegepas of gewysig is, en
- die organisasie van die inhoud: denkrigting en argumentasie, integrerende temas en ideologiese perspektiewe,
- die genre en storielyn van die teks.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



6) **Watter respons/ terugvoer verwag die outeur van sy teikengehoor?**
‘n Rede vir die skryf van die teks sal gesoek word in die outeur se totale strategie om reaksie by die leser-gehoor uit te lok.

7) **Hoe het die outeur gepoog om die ontvangers te motiveer en te oorreed?**
In hierdie opsig word ondersoek ingestel na die appél wat gerig word tot die leser-gehoor ten opsigte van gedeelde doelwitte, waardes, norme en tradisies. Die kollektiewe identiteit en aksie van die outeur en gehoor word beskryf.

8) **Wat is die aard van die situasie en strategie van hierdie teks?**
Die sosiale sisteem wat deel uitmaak van die mees omvattende konteks van die teks word bespreek.

9) **Wat is die eiebelang of groepsbelange wat die outeur gemotiveer het om hierdie dokument te produseer en te publiseer?**
Die waarneembare ideologie in die teks, asook die verhouding van die outeur se belange tot dié van die groep wat deur die outeur verteenwoordig word, word bespreek. Die kwessie van eiebelang en/of groepbelange en ideologie word verduidelik (Elliott 1993:72-74).

## 2.3 SAMEVATTING

Die sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode van Bybeltekste (Elliott1993) word toegepas op die analise van die boek Ester. Die vrae en besprekings word geïntegreer ten einde ‘n omvattende analise van die boek Ester te bewerkstellig.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



# HOOFSTUK 3

# DIE TEIKENGEHOOR OF LESER-HOORDERS

***"Die Here sien oral"***
***(Spreuke 15:3)***

Die verhaal van Ester, 'n Joodse weeskind wat tot koningin verhef is en uiteindelik haar volk se lewe gered het deur 'n ingeligte besluit wat sy geneem het, word vertel teen die agtergrond van die heerskappy van koning Ahasveros van Persië in 485 vC tot 465 vC (Jobes 1999: 26, 59).

Die eksplisiete of geïmpliseerde teikengehoor, of leser-hoorders van die boek Ester, was na alle aanduidings versprei oor die antieke wêreld, sommige reeds voor die eerste val van Jerusalem (de Ridder 1976: 67).

Om 'n idee te kan vorm van waar en wie die teikengehoor moontlik kan wees, is dit nodig om te kyk na die geografiese ligging, geskiedkundige agtergrond, asook na spesifieke aspekte in die kultuur en sosiale situasie waarin die karakters hulle bevind het en waarteen die verhaal ontvou.

## 3.1 DIE GEOGRAFIESE LIGGING

Die boek Ester, geskryf deur 'n anonieme outeur, word gedateer uit die Persiese tyd, ongeveer die vierde eeu vC (Loader 1980:11) en is geskryf teen die agtergrond van die winterpaleis van koning Ahasveros in Susan, ongeveer 150 kilometer noord van die Persiese Golf, oos van die Tigris-rivier, in die suide van die Mesopotamiese vlaktes (Ackroyd 1970:178). Die koninklike hof het in die Susan-paleis oorwinter omdat dit ondraaglik warm in die somer was (Jobes 1999:59).

Die grense van die Persiese Ryk het oor drie kontinente gestrek, naamlik Asië in die suid-weste, dele van Noord-Afrika (Egipte en Etiopië) en Suid-Oos Europa. Die kontoere van dié drie kontinente is gevorm deur die Middellandse See, die Rooi See, die Kaspiese en Swart Seë en die Persiese Golf (Boshoff, Scheffler & Spangenberg 2000:168-170).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Alhoewel Kores, die Pers, ‘n nie-Joodse koning was, het hy ‘n belangrike rol in die Bybelse geskiedenis gespeel (Jobes 1999:24). Kores se beleid ten opsigte van verowerde nasies het totaal verskil van dié van die Assiriërs en Babiloniërs. Hy het ballinge toegelaat om terug te keer na hulle lande van herkoms en om tempels en gemeenskappe te herbou. Die diaspora-Jode was dus nie beperk tot net Babilon en Susan nie, maar was versprei oor die hele destydse wêreld, insluitend Egipte, Nubië en Griekeland (de Ridder 1976:66-67).

Die Kores-silinder, ‘n kleivat-inskripsie, bevat inligting oor Kores se verowering van Babilon en regverdig sy beleid van terugstuur van ballinge na hulle tuislande en die herbou van hul altare. Die inskripsie is soortgelyk aan die beskrywing wat in die Bybel gegee is van die proklamasie wat koning Kores oor sy hele ryk laat afkondig het om vir God ‘n tempel in Jerusalem te bou (2 Kronieke 36:22-23; Esra 1:1-4; Boshoff et al. 2000:169; Faulstich 2000:1).  Nie al die ballinge het egter na hulle lande van herkoms teruggekeer nie. Sommige het verkies om te bly woon in die stad van hul ballingskap, waarskynlik omdat hulle gevestigde sakebelange gehad het of belangrike posisies aan die koninklike hof beklee het (Nehemia 1:11). Slegs ‘n kwart  van die eksiliese Jode het onder aanvoering van Esra, ‘n priester en kundige in die wet van Moses, na Jerusalem teruggekeer in die tweede massa-eksodus van Jode vanuit Babilon (Esra 7: 6-7).

In die boek Ester (1:1) word melding gemaak van 127 provinsies in die Persiese Ryk ten tye van die koningskap van Ahasveros, ‘n naam wat waarskynlik verwys na Xerxis I, in 486-465 vC (Boshoff et al. 2000: 169). Die verwysing na 127 provinsies is deur sommige navorsers afgemaak as  historiese onakkuraatheid.  Die gebruik van dié groot getal is egter in ooreenstemming met die spoggerige beeld van die Persiese Ryk wat deur die outeur in Ester (1:4-8) geskilder is. Die groot getal kan ook wees deurdat die outeur na die kleinste administratiewe eenhede in die ryk verwys het om by implikasie te sê dat die Jode nêrens kon gaan skuil nadat die doodsdekreet teen hulle uitgevaardig is nie (Jobes 1999:59). Die beskrywing van die kleurryke behangsels in die koninklike paleis, die silwer en  goue rusbanke en die goue drinkbekers is ‘n simboliese verwysing deur die outeur na die koning se rykdom en mag (Ester 1:6-7).

In die na-eksiliese tydperk was daar ook Jode in ander lande. Die Behistu-inskripsie op swart dolomiet, geskryf in  Persies, Elamities en Akkadies, is tussen die Jode van

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Elefantiene in Egipte ontdek. Aramees was die amptelike taal in die Persiese Ryk (Faulstich 2000:2). Hierdie inskripsie het gehelp om Darius I se regeringsaktiwiteite in sy vroeë jare te verduidelik. Die Elefantiene Papiri is nog 'n belangrike argeologiese ontdekking wat lig werp op die briewe in Esra (4-7). Hierdie papiri bevat ondermeer inligting oor die aanbiddingstyl van hierdie Joodse gemeenskap in die suide van Egipte, byvoorbeeld dat hulle 'n tempel gehad het en brandoffers, graanoffers en reukoffers geoffer het (Faulstich 2000:2).

## 3.2 DIE IDENTITEIT EN SOSIALE PLEK VAN DIE GEHOOR

Vir interpretasie onthalwe is dit nodig om die lesers, en veral die moderne leser van die Ester-verhaal, te oriënteer ten opsigte van die geskiedkundige agtergrond waarin die verhaal ontstaan het.

Die Persiese en Hellenistiese tydperke verdeel die na-eksiliese periode van Israel in twee. In 550 vC slaag die Perse daarin om die Koninkryk van Medië te verower en in 539 vC word Babilon verower. Daarmee word Babiloniese oorheersing van die Ou Nabye-Ooste beëindig. Daarna het die Perse die Ou Nabye-Ooste vir twee eeue lank gedomineer (539 vC tot 333 vC). Die Hellenistiese tydperk is ingelui met die verowering van die Persiese Ryk deur Alexander die Grote in 333 vC. Hy het slegs tien jaar regeer (333 vC tot 323 vC). Aangesien daar ten tye van sy afsterwe nog nie 'n opvolger aangewys was nie, het sy twee generaals, Ptolemeus en Seleucis, 'n koalisieregering gevorm en die Grieks-Masedoniese Ryk tussen hulle verdeel (Boshoff et al. 2000:168, 199).

Die Hellenistiese tydperk in Palestina het bestaan uit drie sub-periodes, naamlik die heerskappy van Alexander (333-323 vC), die heerskappy van die Ptolemieë en Seleusiede (323-164 vC) en die Hasmoniese tydperk (164-63 vC).

Die kolofon tot die boek Ester in die LXX beweer dat 'n sekere Dositheus die Ester-verhaal van Jerusalem na Egipte gebring het in ongeveer 114vC tot 113 vC. Die moontlike datum vir die skrywe van die boek Ester word bereken op 150-100 vC. Dit was ook gedurende hierdie tydperk dat verhoudinge tussen die Jode en Hellenistiese

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



nie-Jode veral gespanne was. Die Hasmoniese heersers het gedurende daardie tydperk oorlog gemaak teen die omringende heidense nasies (Gottwald 1985:562).

Die Ester-verhaal word vertel teen die agtergrond van die Persiese Ryk toe koning Ahasveros aan bewind was en die Perse ‘n neerlaag teen die Grieke gely het (486 vC tot 465 vC).

Vanweë hulle ballingskap bly ballinge egter ‘n marginale groep in enige samelewing. Ballinge se sosiale en wetlike regte is ingeperk en was dikwels die onderwerp van agterdog, kwaadwilligheid  en misbruik deur boorlinge uit die veroweraars (Elliott 1993:76; Ester 2; 8; 3:6). ‘n Soortgelyke situasie het hom onder die diaspora-Jode voorgedoen. Die basiese probleem in die Joodse diaspora was hoe om die Joodse tradisies te handhaaf in ‘n omgewing wat deur vreemdelinge gedomineer is (Collins 2000:3). Die bestaan van die wet van Moses as ideologiese beginsel, het rigting aan die ballinge gegee oor hoe om hulle kulturele onderskeiding, gemanifesteer in die voortsetting van tradisies soos Sabbatsheiliging en sirkumsisie, te handhaaf (Carter & Meyers 1996:71).

Ballinge het mettertyd in hulle “aangenome” stede gevestig geraak. Van hulle het met vroue uit ander kultuurgroepe getrou, besighede bedryf en belangrike poste aan die koninklike hof beklee (Nehemia 1:11). Gedurende die ballingskap het gemeenskapstrukture en gesinne behoue gebly. Dit blyk dat van die Jode susksesvol aangebly het in die aangenome land, selfs lank nadat die ballingskap beëindig is (Hoerth 1999:385).

Die ballinge is ook toegelaat om hul eie godsdiens te beoefen. Godsdiens en nasionale identiteit gaan hand aan hand en albei was diep gewortel in Israel. Godsdienstradisies en die nakoming daarvan het  toenemend ‘n groter rol gespeel in die handhawing van ‘n kenmerkende identiteit van die Joodse volk (Collins 2000:1).

Daar bestaan min twyfel oor die karakters Mordegai en Ester se sosiale status as diaspora-Jode in ‘n vreemde land (Ester 2:6).  Beide die karakters Ester en Mordegai is gewone diaspora-Jode met geringe sosiale status binne die Persiese en Israelitiese samelewings. Hulle is slegs uitstaande vanweë hul verteenwoordiging van die laer range van die sosiale leer, totdat Ester koningin word en Mordegai tot ‘n hoë amptenaar verhef is  (Berg 1979:97; Ester 6:7-10).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Die antieke wêreld is gekenmerk deur die voortdurende beweging van volkere. In daardie opsig was die Israeliete nie uniek nie en was hulle verspreidheid nie ‘n buitengewone verskynsel nie. Alhoewel Palestina die hoof kultiese sentrum vir die Israeliete was, was dit nie hulle enigste tuiste gewees nie. Vroeëre verspreiding van die Israeliete was hoofsaaklik vrywillig en kan toegeskryf word aan faktore soos hulle nomadiese bestaanswyse, droogtes en hongersnood. Abraham het na Egipte getrek om kos vir mens en dier te vind (de Ridder 1971:76-77; Genesis 12:10).
Daar word spesifiek na die Joodse volk verwys wanneer Haman die koning meedeel dat “daar ‘n volk is wat hulle apart hou van die ander volke. Hulle gebruike verskil van al die ander nasies...” (Ester 3:8).
Een so ‘n gebruik waarna eksplisiet in die boek Ester verwys word, is die gebruik om te vas. “Gaan maak al die Jode wat in Susan is bymekaar en vas terwille van my” (Ester 4:16).

### 3.3 GESLAGSTATUS EN -ROLLE

Vroeëre Israelietiese families het ‘n nomadiese oorsprong gehad. Die ondergeskikte status van vroue in so ‘n patriargale gemeenskap is nie bevraagteken nie (Carter & Meyers 1996:515). In gesinne, of families, was die man die heerser oor die vrou. ‘n Man kon van sy vrou skei as hy iets “onbehoorliks” aan haar gevind het (Deuteronomium 24:1). Wette oor huwelike, egskeiding, aanneming, vroulike reinheid en onreinheid, en andere, was alles uitdrukkings van kulturele oortuigings, waardes en norme oor manlike dominansie (Pilch & Malina 1998:173).
Die outeur het dus hierdie inligting gebruik om die dramatiese ommekeer in die karakter Ester, van onderdanige dogter en koningin na dié van ‘n diplomatiese, dog vergeldingsoekende, vasberade koningin, teweeg te bring (Ester 2:8, 20; 8:11-12, 9:14). Die ondergeskikte en onderdanige rol wat vroue in die Ou Nabye-Ooste en veral in Persië ingeneem het, word uitgebeeld in die ontheffing van Vasti as koningin omdat sy nie die opdrag van die koning gehoorsaam het nie (Ester 1:16-20) en die gehoorsaamheid van Ester aan haar oom en voog, Mordegai. Ester is saam met ander meisies na die koning se paleis geneem sodat hy‘n koningin vir hom kon kies.

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Mordegai het ook aan Ester opdrag gegee om nie haar afkoms en volksverband bekend te maak nie. Hierin het sy hom gehoorsaam (Ester 2: 7-10). Hierdeur suggereer die outeur Ester se gehoorsaamheid aan die Wet: "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly lewe in die land wat die Here jou God aan jou gee" (Eksodus 20:12).

Volgens LaCoque (1996:5) was die ongelykheid tussen die geslagte reeds diep gewortel in die tyd van Persiese oorheersing en is outoritêre besluitneming nie bevraagteken nie. Dit het gebruiklik geword en is selfs as natuurlik aanvaar om die vroulike geslag as moreel slinks te beskou, waarskynlik as gevolg van hulle uiterlike swakheid en hulpeloosheid wat soos 'n sluier oor hulle seksuele aantrekkingskrag en innerlike wilskrag gedrapeer was (LaCoque 1996:5). Die outeur het van hierdie agtergrondskennis gebruik gemaak in die uitbeelding van Ester se karakter. Herkenning van die aard van Bybelse tekste word deur die mees basiese narratiewe strategie, soos karakterisering, blootgestel. Fuchs (2000:16) verwys hierna as patriargale ideologie. Fuchs is ook van mening dat literêre strategie, as patriargale ideologie, gebaseer is op die oortuiging dat mans die besitreg op leierskap en sentraliteit het en dat dit as politieke strategieë gemanipuleer word. Ideologies gesproke is dit egter die herinnering aan gebeure in die verlede wat die primêre voorwaarde van Israel se nakoming van die wet van God was.
Gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid kan ook by geslagsongelykheid ingelees word.

## 3.4 SOSIALE NETWERKE, TRADISIES, EN GELOOF WAT DIE LESER-HOORDERS VERONDERSTEL IS OM MET DIE OUTEUR TE DEEL

'n Sosiaal-wetenskaplike perspektief op die verhaal van Ester vereis ook begrip, nie net van die konteks van tradisie *per se* nie, maar ook van die godsdienstradisie van Israel, omdat dit die agtergrond is waarteen die karakters in die verhaal optree. Israel se bemagtiging is gesetel in sy Jahwistiese ideologie wat veronderstel is om hoop en aanvaarding aan enige minderheidsgroep te bring en sy geloof in 'n God wat kan ingryp in die verloop van gebeure (Carter & Meyers 1996: 24). Die outeur gebruik dié ideologie wanneer hy "toevallighede" en menslike inisiatiewe beskryf wat die storielyn

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



van die verhaal spanningsvol en dramaties laat verloop. Noth (Carter & Meyers 1996:17) is van mening dat die stamme van Israel, en daarmee by implikasie ook die eksiliese en na-eksiliese Jode, aan mekaar verbind is deur die verbond tussen Israel en Jahweh.

Miller (aangehaal in Carter & Meyers 1996:271-272) definieer ideologie as:

"a partial and interested view entertained by a particular group or societies, in which its ideas are functions of the group's existence..."

Die ideologie van die Joodse volk is gebaseer op die idee van 'n uitverkore volk (Deuteronomium 4:20), die belofte van 'n land waarvan die vorige bewoners uitgedryf is en 'n groot nasie wat aan Abraham beloof is (Carter & Meyers 1996:271-272; Genesis 17:4-6).

Voortspruitend hieruit is die volk Israel se gehoorsaamheid aan die Wet wat God aan Moses gegee het (Eksodus 20:1-17) en wat van hulle 'n volk met 'n unieke identiteit gemaak het.

Die wette van die Ou Testament het geleidelik ontwikkel om aan die eise van veranderende omstandighede soos ballingskap, te voldoen. Wat hierdie ontwikkeling besonders gemaak het, is dat dit ontwikkel het as wette van Jahweh, wette van die *verbond* tussen Israel en Jahweh en nie net wette wat verhoudings in die samelewing reguleer nie. Jahwisme was 'n deurlopende krag met 'n sentrale posisie in die Israelitiese samelewingstruktuur (Carter & Meyers 1996:261). Gegrond op hierdie verbond met hulle voorvaders het die Israeliete gekies om God se wet te gehoorsaam. Die gevolg hiervan was dat die Jode hulle byvoorbeeld by tye van ander nasies moes afsonder, soos op die Sabbat (Amit 1999:53). Die karakter Haman het hierdie gehoorsaamheid van die Jode aan die Wet gebruik om koning Ahasveros te oorreed om die volk wat "hulle apart hou van ander volke" deur 'n burgeroorlog uit te wis (Ester 3:8).

Die verhaal van Ester is nie net 'n uitdrukking van die spirituele behoeftes van die samelewing waarin dit geskryf is nie. "Toevallighede" wat in die verhaal beskryf is,

soos die koning wat ontdek het dat hy nie vir Mordegai beloon het vir sy lojaliteit nie en Haman wat die eerste persoon was wat daarna in die voorportaal van die paleis verskyn en die eer aan Mordegai gegee het (Ester 6:1-11), kan geïnterpreteer word as ‘n antwoord op die volk se spirituele behoefte om uit ballingskap verlos te word.

Die politieke ambisies van die karakter Haman tree sterk op die voorgrond wanneer hy by sy vrou en vriende spog oor “al die maniere waarop die koning hom vereer het en oor hoe die koning hom bevorder het bo al die hoë amptenare en onderdane van die koning” (Ester 5:11).

Wetsgehoorsaamheid, wat die lewe van lede van die minderheidsgroep draagliker kon maak, word beskryf in die geval waar Mordegai, geklee in rouklere, net tot by die poort van die paleis gegaan het omdat niemand met rouklere aan by die poort kon ingaan nie (Ester 4:2).

Die dringende saak van besluitneming deur ‘n individu gedurende ‘n krisis, word simpatiek deur die outeur hanteer wanner Ester tog besluit om na die koning te gaan, al is sy nie deur hom ontbied nie. “...(S)sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom” (Ester 5:16).

Die onderliggende motief van die outeur was een van ideologiese oorreding deur die subtiele gebruik van die strukturele elemente van ‘n narratief.

Die boek Ester beskryf ook die vervolging van Jode en hulle verlossing uit ballingskap tydens die heerskappy van koning Ahasveros.

### 3.4.1 Die familie

Die Joodse familie in die diaspora het die grondslag gevorm vir effektiewe bewaring van morele opvoeding en instandhouding van die ras, terwyl groepe in die diaspora bewus gemaak is van die spesifieke groepe waartoe hulle behoort (Carter & Meyers 1996:100-102). Vir die moderne leser kom dit vreemd voor dat Mordegai sy niggie Ester aan die skoonheidswedstryd van koning Ahasveros laat deelneem. Ester se gehoorsaamheid aan Mordegai se opdragte en sy besorgdheid oor haar val ook sterk op (Ester 1:11).

In die mees tradisionele samelewings egter, waarvan die Jode een was, word familielede die meeste vertrou (Singer 1987:33). Mordegai se hantering van Ester was dus binne die grense van die Joodse tradisie van familieskap en word dus nie deur die

outeur bevraagteken nie. Vir die teikengehoor sou die optrede van Mordegai nie vreemd wees nie, maar kon dit net bygedra het tot die verhoging van spanning in die verhaal.

Israel se oorspronklike eenheid van die verspreide groepe is gebou op die verbond met Jahweh, ‘n religieuse eenheid wat meer as ‘n politieke eenheid gefunksioneer het. Jahwisme was ‘n verspreide sosiale mag met ‘n sentrale posisie in die Israelitiese samelewingstruktuur. Hierdie geloof het nie net die Joodse samelewing gesimboliseer nie, maar dit het ook gedien om sosiale verhoudings in stand te hou (Carter & Meyers 1996:261). Haman voer die “andersheid” van die Jode aan as ‘n rede vir hulle uitwissing as hy koning Ahasveros meedeel dat daar ‘n volk is wat in al die provinsies van sy koninkryk versprei is en “hulle gebruike verskil van die ander nasies s’n en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie” (Ester 3:8).

### 3.4.2 Identiteitsgroepe

Elke groep wat ‘n ooreenstemmende patroon van persepsies van die wêreld om hom of haar het, vorm ‘n kultuur. Hierdie wêreld sluit simbole, mense (karakters in die geval van ‘n narratief), groepe, gebeure, idees, ideologieë en geloof in. Tegnies gesproke is gesindhede, waardes, geloof en gedragskodes geleer in die groep waarmee die individu geïdentifiseer het en het dit deel van sy/haar kultuur gevorm (Singer 1987:5-9). Die karakter Ester beskou haarself skynbaar steeds behorende tot die Jode as kultuurgroep wanneer sy vir Mordegai laat weet om al die Jode in Susan bymekaar te maak en ter wille van haar te vas (Ester 4:16).

Identiteitsgroepe is uit die onderskeie kultuurgroepe gevorm. ‘n Persoon is lid van ‘n identiteitsgroep vanweë die etniese groep waarin hy gebore is. Mense wat nie tot die heersersgroep behoort het nie, was as “vreemdelinge” beskou. Die karakters Ester, Mordegai en Haman het “vreemdelingskap” as gemeenskaplike deler gehad. Dit sluit egter nie uit dat hy of sy ook lid van ander identiteisgroepe, ook bekend as sekondêre groepe, kan wees nie. Sekondêre groepe is meer op onpersoonlike verhoudings en bruikbaarheid gebaseer. ‘n Man kan dus lid van ‘n politieke groep van enige koning

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



wees, as gevolg van sy nie-lidmaatskap van ander groepe van dieselfde koning (Goodman & Marks 1978:183; Rogerson 1978:96).

Israel se etniese suiwerheid kan toegeskryf word aan sy verbondskap met God en gehoorsaamheid aan die wet van God en het niks te make met hulle nie-lidmaatskap van groepe van die koning nie (LaCoque 1996:4; Genesis 22 :15-18; Eksodus 20:2-17). Deelname aan byeenkomste of aktiwiteite van die gemeenskap soos sabbatsheiliging en rituele reinigingsaksies het nie op kulturele assimilasie gedui nie. Dit het 'n persoon "gemerk" as lid van 'n etniese groep. Jode en ander vreemdelinge wat nie belang gestel het in assimilasie nie, was 'n ideologiese bedreiging vir die gemeenskap (Sparks 1998: 314-315).

Haman erken die bestaan van so 'n identiteitsgroep in die koninklike stad as hy sê dat daar 'n volk is "wat versprei is oor al die provinsies van u koninkryk wat hulle self apart hou van die ander volke …" (Ester 3:8).

Hoe groter die bedreiging deur die meerderheidsgroep is, des te groter is die verskille waarneembaar. Meeste van die tyd is die minderheidsgroep, byvoorbeeld ballinge en/of diaspora-gemeenskappe, se persepsie dat die meerderheid vyandiggesind teenoor hulle is en word hulle voortdurend aan hulle minderheidstatus herinner. Die outeur suggereer hierdie persepsie aan sy lesers wanneer daar in die verhaal na Mordegai as die "Jood" verwys word (Ester 5:13).

Volgens die Griekse narratief B (Day 1995:70) word die indruk geskep dat Ester haar lewe lank in die Joodse gemeenskap gewoon het. Sy meld ook dat sy van God se handelinge geleer het van haar geboorte af in die stam van haar voorvaders. In hierdie verwysing na haar voorvaders toon sy dat sy aan die Jode dink in gemeenskaps- en gesinsverband. In kontras hiermee verwys Ester in die A narratief (Grieks) na die voorvaders as "hulle of Israel se voorvaders" en skep so afstand tussen haar en die Jode, wat dui op sekondêre groepsverband.

In die Masoretiese teks is daar nie 'n verwysing na Ester se gebed tot God nie. Die outeur suggereer egter die alomteenwoordigheid van God, die Verlosser uit

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



verdrukking, in Mordegai se woorde aan Ester "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het" (Ester 4:14).

### 3.4.3 Eerbetoon

Eer en skaamte word as kernwaardes in die Bybel en ook dié van die antieke Mediterreense wêreld beskryf. Eer is 'n aanspraak op waarde wat in die openbaar erken word.

Om ge-eer te word is om so 'n waarde toe te skryf aan 'n persoon as gevolg van sy bloedverwantskap of familieskap, of om daarop aanspraak te maak vanweë wysheid, moed of mededeelsaamheid. Na Mordegai word verwys as 'n Jood "uit die stam van Benjamin en seun van Simi, seun van Kis" (Ester 2:5). Uit die stam van Benjamin is Saul, seun van Kis as koning gekroon (I Samuel 9:1-2; 10:1). Mordegai, sowel as Ester, het dus eer bekom as gevolg van familieskap van koning Saul.

Skaamte is die teenoorgestelde van eer en dit beteken dat 'n aanspraak op eer in die openbaar ontken of verwerp word. Om "jou te skaam" of om "beskaam te word" is altyd negatief en beteken om ontsê te word van eer. Om "skaamte te hê" is altyd positief, want dit dui daarop dat 'n persoon sy eer in aanmerking neem. Binne die raamwerk van bloedverwantskap en 'n geslagsgebaseerde samelewing, is eer 'n waarde wat in die manlike geslag beliggaam is en verdedig moet word, terwyl positiewe skaamte 'n waarde is wat in vroue beliggaam is. Die terughoudendheid wat deur Ester ten toongestel word ten tye van die eerste banket, kan as 'n positiewe waarde beskou word (Ester 5:7). Skaamte by vroue word veronderstel en gehandhaaf deur privaatheid en, persoonlike en seksuele integriteit.

Alhoewel vernedering in die openbaar erger is as die dood, is dit nodig om vas te stel wat in 'n gegewe sosiale groep as eerbare gedrag gereken word, aangesien eer primêr 'n groepswaarde is (Botha 1998:3; Malina 1993:45-47).

Om "eer te verloor" is vir 'n man om "beskaam te wees". Om beskaam te wees is vir 'n man om sy reputasie en waarde in die oë van sy portuurgroep te verloor (Plevnik 1993:92-104). Eer is veronderstel om erken te word. Verlaging of vermindering daarvan beteken om sosiale status te verloor. Koningin Vasti het haar sosiale status verloor as gevolg van miskenning van haar eervolle optrede (Ester 1:12-16). Haman het

sy eer verloor toe hy in die openbaar aan die galg wat hy vir Mordegai gebou het, opgehang is (Ester 7:10).

Daar moet egter in aanmerking geneem word dat elke samelewing en groepe in samelewings, hul eie gedeelde betekenis kan hê van wat eer of skaamte vir daardie samelewing, gemeenskap, identiteitsgroep of individu beteken.

‘n Individu toets voortdurend sy of haar eie optrede aan die norme van die groep waarin beweeg word, met die verwagting dat eer of ‘n goeie reputasie toegeken sal word (Botha 1998:3). Mordegai vertel aan Ester van die komplot wat twee drumpelwagters bedink het om die koning dood te maak. Op haar beurt dra sy die inligting aan die koning oor. Erkenning van hierdie inligting kom eers later wanneer die koning nie kon slaap nie. Mordegai word vereer deurdat hy in die koninklike kleed geklee word en op die koning se perd ry (Ester 2:21-23; 6:4-11). Die drumpelwagters is gehang as bewys van verontagsaming van die sosiale norm om die koning te eer (Ester 2:23).

Gedeelde betekenis word in die samelewing bewerkstellig deur sosiale lyne om ruimtes te trek, byvoorbeeld om individue, groepe mense, die natuur en God. Sosiale lyne om individue stel die grense van rolle en status; dié om groepe skei die ingeligtes van die oningeligtes; om die natuur word die belewenis van die omgewing begrens; om God merk die lyne af  van wie of wat mense glo in beheer van alles is (Malina 1993:28).

Malina (1993:30-33) verduidelik die konsep van eer as die afgebakende grense van mag, geslag en godsdiens, wat konstant saamloop. Waar hierdie drie konvergeer word die begrip ‘eer’ gevestig. Lede van ‘n samelewing deel ‘n stel betekenisse en gevoelens wat saamgevat is in mag of gesag, geslag, godsdiens of geloof. Dit is eers wanneer ‘n persoon aanspraak maak op ‘n spesifieke status soos beliggaam in die mags- en geslagsrol dat daar aanspraak op eer gemaak kan word. Om dus eer aan ‘n persoon toe te ken is om in die openbaar te erken dat sy/haar handeling met sosiale “behoort te doen” konformeer. Die persoon se posisie op die statusleer van die samelewing behoort die toekenning van eer vooraf te gaan.

Eer, as die sentrale waarde in ‘n samelewing, impliseer ‘n manier van optrede of gedrag met die oog op aanspraak op sekere sosiale behandeling as gevolg daarvan. So ‘n persoon word dan behandel volgens verwagting van hoe ‘n eerbare persoon behandel behoort te word. Status, ‘n persoon se stel van regte en verpligtinge onstaan uit die

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



erkenning van sy of haar sosiale identiteit. Die probleem van eer draai om hoe, deur wie en waarvolgens andere 'n persoon se handelinge of optrede beoordeel om dan te besluit of die eer van 'n goeie reputasie aan hom toegeken kan word (Botha 1998:3).

Mordegai verkry eer deurdat die koning sy seëlring aan hom gee, waarna hy ook die briewe wat in die naam van koning Ahasveros geskryf is, verseël het met die seëlring wat die koning aan hom gegee het (Ester 2:8, 10).

Volgens Ackroyd (1970:165) was die Persiese beleid 'n mengsel van fermheid en vaardigheid in administrasie en versoening. Aan die een kant was die wette uiters streng en is dit ook streng toegepas en aan die ander kant was daar tog soms 'n glim van versoening en genaakbaarheid. Hierdie aspekte het alles te make met die kwessie van eerbetoon in die verhaal.

Toe koningin Vasti die koningsbevel verontagsaam om aan sy "drinkebroers" ten toon gestel te word, het sy die wet van eerbetoon en onderdanigheid aan haar koning verontagsaam. Om seker te maak dat hy binne die grense van die wet optree, het die koning sy raadgewers byeen geroep om te hoor wat in die wet geskrywe staan. Vasti word wel van haar "amp" onthef, maar sy word nie tereggestel nie (Ester 1:11-17). Joséfus (Faulstich 1988:62) gee as rede hiervoor aan dat sy die wet van die Perse eerbiedig het wat voorskryf dat vroue nie deur vreemdelinge gesien mag word nie. Die persepsie van die koning en sy raadgewers was dat Vasti oneervol opgetree het, terwyl sy van mening was dat dit 'n eervolle optrede was.

Ester gaan na die koning sonder dat sy ingeroep word, wat as 'n teken van oneerbiedigheid beskou kan word, maar sy "het genade in sy oë gevind en die koning het die goue septer wat in sy hand was na haar toe uitgesteek…" (Ester 5:1-2).

Die woorde wat Ester gebruik wanneer sy die koning aanspreek is ook 'n vorm van eerbetoon, "as die koning dit goedvind…" (Ester 5:4), en later weer "As ek genade gevind het in die oë van die koning…" (Ester 5:8).

Haman word deur die koning verhoog en bevel word gegee dat almal voor hom moet buig en neerval. Dit was in erkenning van, en uit eerbied vir die hoë amp wat aan hom toegewys is dat die volk dit moes doen. Mordegai, die Jood, het dit egter nie gedoen nie. Hierdie daad van oneerbiedigheid het Haman met soveel woede vervul dat hy nie

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



net vir Mordegai om die lewe wou bring nie, maar sommer ook die hele Joodse volk in die hele Persiese koninkryk (Ester 3:1-6).

Die koning het Haman se voorneme goedgekeur, sy seëlring aan sy vinger gesteek en op dié manier het die koning eer aan Haman betoon (Ester 1:10). Dit was nie lank nie, toe verloor Haman die koning se guns (eer) en word aan ‘n galg opgehang (oneer) (Ester 7:9-10).

### 3.4.4 Gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid

Gehoorsaamheid en/of ongehoorsaamheid kan ook by geslagsongelykheid ingelees word. Die woord *onderdanigheid* dui op passiwiteit, terwyl die woorde *gehoorsaamheid* en *inskiklikheid* op die handhawing van kulturele instellings en die landswette van die heerser-land dui. Vir ‘n persoon om inskiklik te wees, is om sy aksies te konformeer volgens die wense of begeertes van ‘n ander persoon of ander kulturele standaarde. Dit is ‘n waarde wat hoog aangeslaan word in die Bybel (Pilch & Malina 1998:31).

In antieke Mediterreense kulture moet diegene in ondergeskikte posisies soos vroue, kinders en slawe, onderdanig wees aan gesagspersone bokant hulle in die hiërargiese struktuur. Families weerspieël sodanige gesagstrukture wat deur God geskep is (Pilch & Malina 1998:125).

Die outeur gebruik gehoorsaamheid en/of ongehoorsaamheid as deug en vertrekpunt om die karakter Ester voor te stel, aangesien sy volgens die verhaal, reeds van haar babadae af geheel afhanklik was van mans wat haar lewe beheer het. Eers was dit deur die karakter van haar oom Mordegai, wat haar as baba aangeneem het na die dood van haar ouers (Ester 2:7), toe is dit die eunuch Hegai, (Ester 2:9) en daarna was dit koning Ahasveros wat haar moes ontbied voordat sy voor hom mag verskyn (Ester 4:11).

Die outeur het ook gebruik gemaak van sy kennis dat die Perse van die begin van hulle heerskappy af bewys het dat hulle onverdraagsaam teenoor vroue se keuse van onafhanklikheid is (Fox 1991:197). Op aanbeveling van koning Ahasveros se raadgewers word die karakter, koningin Vasti, van ongehoorsaamheid aangekla en summier onttroon (Ester 1:12-19).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Jong meisies, ook Ester, word sonder keuse na die koning se paleis ontbied sodat hy 'n koningin kan kies (Ester 2:1-4). Ester beland in die koninklike harem onder die sorg van die eunuch Hegai (Ester 2:3) en gehoorsaam sy aanbevelings ten opsigte van haar voorbereidings om na die koning geneem te word. Getrou aan haar karakter, bly sy gehoorsaam aan Mordegai se opdrag om nie haar herkoms bekend te maak nie (Ester 2:10). Volgens Berg (1997:72) gaan sy in gehoorsame onderdanigheid na die koning sonder om ontbied te word (Ester 4:13-14).

Daar is egter 'n sekere mate van dualisme wanneer oor gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid gedink, geskryf en gepraat word ten opsigte van ballinge in 'n vreemde land. Hulle weet dat daar selde, indien ooit, 'n geleentheid voordoen om terug te keer (vlug) na die land van herkoms. Dit is dus in hulle eie belang om die vreemde land se wette te gehoorsaam.

Mordegai verkies om nie voor Haman te buig nie, dus is hy ongehoorsaam aan die koning se wet (Ester 3:2), tog het hy nie by die stadspoort ingegaan toe hy in sak en as geklee was nie, "want niemand het met 'n roukleed aan by die poort van die koning mag ingaan nie" (Ester 4:2). Dit was egter ook 'n Joodse gebruik.

Ester se gehoorsaamheid behoort nie as suiwer onderdanig en gehoorsaam ten alle koste beskou te word nie. Die manlike Bybelse outeur of verteller skryf nie net 'n storie nie, maar bou ook 'n argument vir die ontwikkeling van 'n bepaalde magsverhouding (Fuchs 2000:15). Die ironie kom daarin voor dat Ester se onderdanigheid uiteindelik omgekeer is in 'n mededingende magsposisie in die Persiese Ryk. Die koning gee aan haar die vergunning dat die Jode in Susan nog 'n dag kry om hulle vyande dood te maak (Ester 9:13-15). Ester het ook die voorskrifte vir die Purimfees vasgestel (Ester 9:32).

### 3.4.5 Godsdiensfeeste

Tydens ballingskap het aanbidding en die viering van godsdiensfeeste 'n prominente rol in die Joodse samelewings gespeel. Vir die na-eksiliese Jode was die bring van offerandes 'n skakel met die verlede. Offerandes is verbind met die godsdiens-kalender wat pelgrimstogte na die tempel vereis het. Priesters het hulle gesag verhoog ná die vernietiging van die tempel in Jerusalem (Boshoff et al. 2000:168), terwyl die praktyk

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



van die Jahweh-kultus versterk is (Matthews 1991:185). Een van die tradisies wat die Joodse volk van ander volke in die Ou Nabye-Ooste onderskei het, was die nakoming van die Sabbat. Die Sabbat het gedien as weeklikse herinnering aan die verbond met God, en ook as basis vir berekening van al die godsdiensfeeste (Levitikus :23:1-42; Matthews 1991:185).

Die belangrikste feeste was Paasfees op die 14de dag van die eerste maand Abib, en die Fees van Ongesuurde Brode op die 15de dag van Abib (Levitikus 23:5-8). Dan was daar ook die Fees van Weke (Oesfees) aan die begin van die oes (Levitikus 23:15-21) en die Huttefees aan die einde van die oes (Levitikus 23:33-36).

Gedurende die eksiliese en na-eksiliese periodes is verskeie nuwe feeste ingestel, waarvan die Purimfees wat op die 14de en 15de van Adar gevier word, een van die bekendstes was. Die Purimfees is ingestel om Ester se aandeel in die Jode se ontkoming aan uitwissing gedurende die Persiese periode te herdenk (Matthews 2000:186). Nog ‘n fees wat in die godsdienskalender ingesluit is en wat nie in pre-eksiliese tekste of in Nehemia genoem word nie, is die gewyde Dag van Versoening, wat op die 10de dag van die sewende maand gevier moet word. Dit is die dag waarop vergifnis van die volk se sonde van die vorige jaar gevra word en die rituele reinheid van die heiligdom herstel word (Matthews 2000:187).

## 3.5 DIE SOSIALE KENMERKE VAN DIE BOEK ESTER

Die sosiale atmosfeer van die tyd en plek waarin die verhaal in die boek Ester afspeel kan as versigtig optimisties beskryf word. Aan die een kant is daar die klaarblyklike goeie gesindheid en verdraagsaamheid teenoor die Joodse ballinge en/of diaspora-Jode en aan die ander kant is daar onderdrukte vreemdelinghaat en vrees teenoor die Jode. Dan is daar ook nog koning Ahasveros wat nie huiwer om sy rykdom en mag ten toon te stel nie (Ester 1). Die koning se onvolwasse, besluitlose gedrag en gebondenheid aan wette blyk die onderliggende oorsaak te wees van angstigheid en spanning by sy onderdane (Ester 4:11). Ahasveros se onvermoë om self oor belangrike sake te besluit en om hom van feite te vergewis voordat hy ‘n dekreet uitvaardig (hierdie keer sonder inspraak van sy kabinet), verhoog die ervaring van verwerping by diediaspora-Jode.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Verwerping en swaarkry was egter ook ‘n samebindende faktor vir instandhouding van die Joodse gemeenskappe. “In al die provinsies waar die koning se proklamasie bekend geword het, was daar groot smart onder die Jode” (Ester 4:3).

Onderliggende vyandiggesindheid teenoor die Jode kry gestalte in die karakter Haman die Agagiet, self ‘n “vreemdeling” en een van ‘n uit-groep. Net soos die karakters Mordegai en Ester verteenwoordigend is van die Jode, so is die karakter Haman verteenwoordigend van die vyandiggesinde nie-Jode (heidene) in die Persiese Ryk (Ester 3:5-7).

‘n Beeld van spanningsvolle sosiale verhoudings deurspoel die boek Ester.

Die koning onttroon koninginVasti op aanbeveling van sy raadgewers omdat hulle bang is dat alle vroue aan hulle mans ongehoorsaam sal wees (Ester 1:16-20). Die koning word ook deur sy amptenare aanbeveel om die koningin te vervang met iemand wat haar beter sal gedra as sy, Vasti (Ester 1: 19).

Koning Ahasveros laat ‘n proklamasie uitvaardig om “’n volk wat versprei is oor al die provinsies van (u) koninkryk en wat hulleself apart hou van die ander volke...en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie”, te vernietig sonder om seker te maak wie die volk is (Ester 3:8). Dit blyk uit Haman se versoek dat daar wel nie-Jode in die Persiese Ryk was wat nie goedgesind teenoor die Jode was nie. Op dieselfde lukraak wyse verlaat die koning hom na die dood van Haman op Mordegai en koningin Ester om aan die Jode te skryf “wat julle goeddink...” (Ester 8:8). Die briewe het gelui dat die koning aan al die Jode in al die stede die reg gee om bymekaar te kom en hulle te verdedig (Ester 8:11).

Koningin Ester se nasionaliteit word op aanbeveling van Mordegai verswyg, terwyl hyself sy Joodse identiteit aan dienaars van die koning bekend maak (Ester 3:4). Dit is eers ná Haman se dood dat Ester haar identiteit aan die koning bekend gemaak het (Ester 8:3-6).

Eksplisiete manifestasies van goeie gesindheid van nie-Jode teenoor die Jode is die mate van gemaklike boodskapverkeer tussen Mordegai en ander amptenare in die koning se diens, asook tussen Ester en die paleisbediendes, en Ester en die koning (Ester 2:21-22; 4:4-16).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



## 3.6 SAMEVATTING

Eksplisiete verwysing na sommige gedeelde tradisies, geloof en gewoontes van die eksiliese en na-eksiliese Jode, is ‘n aanduiding dat die boek Ester geskryf is met ‘n spesifieke teikengehoor naamlik die diaspora-Jode, in gedagte.

Die kunstige gebruik van implisiete verwysing na die ideologie en geloof van die Jode maak van die boek Ester ‘n ryk en spanningsvolle verhaal wat gedurende ‘n spesifieke tyd, in ‘n spesifieke plek in die geskiedenis van Joodse diaspora afspeel.

Die outeur maak gebruik van bekende aspekte uit die kultuur en sosiale situasie van Jode in diaspora om sy leser-hoorders te identifiseer en om deur middel van ‘n verhaal hoop en vreugde aan hulle te bring.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



# HOOFSTUK 4

## OUTEURSKAP

***"Werp jou brood op die water,***

***eendag kry jy dit terug"***

***(Prediker 11:1)***

Die begrip *outeur* dui op die persoon wat die verhaal op 'n bepaalde wyse met 'n bepaalde bedoeling tot stand gebring het. Die outeur as mens, staan buite die storie wat vertel word en buite die diskoers van die verteller (Cloete 1979:359). Die outeur word egter aan die leser bekend deur wat die verteller sê en deur organisering van die narratiewe materiaal (Bar-Efrat 1989:14).
Die verteller kan nie as die outeur geïdentifiseer word nie, aangesien die waardesisteme, gesindhede en kenmerke van die twee nie noodwendig identies is nie (Bar-Efrat 1989:14). Die outeur staan egter nie los van die storie wat vertel word nie, want dit is immers hy wat bepaal watter soort storie vertel word, of die verteller byvoorbeeld betroubaar of onbetroubaar is en watter soort verhaaltegnieke gebruik gaan word, byvoorbeeld dialoog of beskrywend, of kombinasies van verskillende tegnieke. Die produk van sy werk impliseer die persoonlikheid van die outeur en daarom word na so 'n outeur as die geïmpliseerde outeur verwys (Cloete 1979:360).

Calvino (aangehaal in Cloete 1979:360) stel dit so:

"De persoon die schrijft moet dat eerste personage in het leven roepen die de auteur van het werk wordt. Iets dat vaak gezegd wordt maar nooit overeenkomt met de realiteit, is dat iemand zichself geheel in zijn werk zou leggen.. De schrijver laat in zijn werk altijd slechts een projectie van zichself meespelen, en dat kan zowel de projectie van een waar gedeelte van hemself zijn als de projectie van een denkbeeldige ik, van een masker. Schrijven impliceert iedere keer weer de keuze van een psychologische houding, van een bepaalde visie op het buitenwereld, het vinden van de juiste toon, van een homogeen geheel van taalkundige middelen, van gegevens uit het verleden en van de vruchten van de verbeelding, kortom het impliceert een stijlkeuze. De auteur is de

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



auteur voorzover hij een rol aanneemt, zoals een acteur, en zich identificeert met de projectie van zichself op het moment dat hij schrijft”.

Voorstelling van die outeur as skepper van ‘n teks, word deur die leser gemaak. Die verwysing na projeksie beteken eintlik outeursaktiwiteit, maar dit maak nie van die leser ‘n passiewe ontvanger van ‘n voltooide beeld nie (Cloete 1979:360). Die geïmpliseerde outeur en sy manier om die verhaal aan te bied is dus deel van die karakter van die werk en kan net ontdek en ontgin word deur die boek te lees en te bestudeer (Bar-Efrat 1989:14).
Vir Cloete (1979:361) is dit die leser wat die geprojekteerde beeld van die outeur uit die teks losmaak, die leser wat die implikasie snap en is dit die leser wat ‘n geloofwaardige outeur uit die teks postuleer. Aan die een kant is die outeur die maker van die teks, aan die ander kant is hy die maaksel van die leser se teksbegrip en interpretasievermoë (Cloete 1979:361).

## 4.1 OUTEURSKAP IN DIE BOEK ESTER

Die boek Ester word aan ‘n anonieme outeur toegeskryf, dog daar is voldoende aanduiding dat hy goed vertroud was met die agtergrond waarteen die verhaal ontvou het. In sy skrywe openbaar die skrywer goeie kennis oor die paleiskonstruksie- en politiek, die administrasie van die Mediërs en Perse se Ryk en kundigheid oor hulle wette (LaCoque 1996:67). Hierby kan ook nog die kennis van die sewe stadsrade (Ester1:14) en kennis oor die poswese gevoeg word (Ester 3:8; 8:10). Die gewoonte van die koning om eer aan weldoeners (Ester 6:1-13) en gunstelinge (Ester 3:2) te betoon, asook die dra van ‘n tulband as hooftooisel, is bekende Persiese gebruike. Loader (1980:9) kom tot die gevolgtrekking dat die agtergrond van die verhaal oortuigend deur die outeur geskilder is. Die outeur poog wel om die verhaal sò te vertel dat dit soos geskiedskrywing uit die Persiese tyd mag klink om sodoende die skyn van betroubaarheid aan die verhaal te verleen. Hy verwys na die “tyd van koning Ahasveros” (Ester 1:1), verander Hadassa se naam na Ester (Ester 2:7) en maak van Mordegai se Joodsheid ‘n krisis (Ester 3:5) wat tot nog ‘n krisis lei waarin Ester moet

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



bieg dat sy ‘n Jodin is en om haar eie en haar volk se lewens moet pleit (Ester 8:3-6). Verder verskaf die outeur ook ‘n rede vir instelling van die Purimfees, wat veronderstel is om die verhaal nog meer geloofwaardig te maak (Ester 9:20-32).

Price (Faulstich 1988:62-63) stel dit dat daar geen gebeurtenis in die Ou Testament só akkuraat herstel kon word as dié van die koninklike paleis in Susan nie. Argeologiese berigte oor die topografiese uitleg van die paleis stem ooreen met die beskrywing daarvan in die boek (Ester 1:5-6; Loader 1980:9).
Alhoewel die gebeure soos in die boek beskryf, in die tyd toe Ahasveros die koning van Persië was (485 vC tot 465 vC) afgespeel het, is die meeste kommentators dit eens dat die boek nie baie gou ná koning Ahasveros se dood geskryf is nie. Loader (1980:11) is van mening dat die boek gedurende die Persiese era in die vierde eeu vC, of gedurende die laaste deel van die tweede eeu vC geskryf is. Hiermee verskil Stiehl (Loader 1980:11) daarin dat die boek, volgens haar mening, eerder tussen 160 vC en 140 vC ontstaan het. Die redes wat sy hiervoor aanvoer is dat daar ooreenstemmings is tussen die verhaaltrant in Ester en sekere Griekse romans.
Loader (1980:12) is egter van mening dat ‘n vroeër ontstaanstyd vir die boek geregverdig is aangesien daar geen Griekse invloed in die werk te bespeur is nie. Volgens hom is die taalvorm en die goeie verhouding wat oënskynlik tussen die Jode en die Persiese hof geheers het meer toepaslik op die vierde eeu vC as in enige later tyd.

## 4.2 OOREENSTEMMENDE VERHALE

### 4.2.1 Die verhaal van Judith

Verskeie stories het gedurende die Hellenistiese era ontstaan waarin vertel word van gebeure in die verlede waar ‘n Jood(-e) hulle onderdrukkers of vyande oorwin het.
Die verhaal van Judith, ‘n gelowige Joodse weduwee, is so ‘n verhaal. Die koning van die Mediërs het ‘n versterkte stad vir homself gebou. Nebukadneser, toe koning van Assirië (604 vC tot 562 vC), het hom tot so ‘n mate daaroor vererg dat hy ‘n leër op die been gebring het om die stad aan te val en teen die koning te veg. Judith het daarin geslaag om die leërowerste te onthoof en in die algemene verwarring wat daarna onder

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



die soldate geheers het, kon Nebukadneser nie in sy doel slaag nie. Hierna het Judith in ‘n loflied die Jode aangemoedig om hierdie oorwinning in die toekoms te vier (Boshoff et al. 2000:217).

In die Ester-verhaal word die be-oogde gevolg van die koninklike dekreet om die Jode uit te wis, as gevolg van Ester se pleidooi om haar en haar volk se lewens te spaar, deur ‘n teen-dekreet nietig gemaak (Ester 8:3-14). Hierna het Mordegai briewe aan al die Jode in al die provinsies gestuur om voortaan “ elke jaar die veertiende en vyftiende van die maand Adar te vier as dae waarop die Jode die bedreiging deur hulle vyande afgeweer het” (Ester 9:21-22). Hierdie feesdae word die Purimfees genoem, omdat Haman die geskikte dag om die Jode uit te roei met die Pur, of lot, vasgestel het (Ester 9:24). Daarna het Ester, met die gesag van haar koninginskap die voorskrifte vir die Purimfees vasgestel (Ester 9:32).

Ooreenstemming van die Judith-verhaal met die Purimfees in die Ester-verhaal is opvallend.

#### 4.2.2 Die Josef-verhaal

Die outeur het skynbaar ook kennis gedra van ander Ou-Testamentiese verhale wat sekere ooreenkomste toon met die gebeure soos beskryf in die boek Ester. Dit is asof die outeur daarmee die versekering aan die diaspora-Jode wou gee dat die God van Israel nog altyd sy volk uit verdrukking gered het.

Die Ester-verhaal toon sekere ooglopende ooreenstemmings met die Josef-verhaal (Genesis 37-47). Albei verhale gaan oor die avonture van Israelitiese ballinge in ‘n vreemde land en aan ‘n vreemde hof, waar albei se name verander is. Die farao het Josef se naam na Safenat-Paneag verander (Genesis 41:45-46) en aan die Persiese hof word Hadassa Ester genoem (Ester 2:7).

Josef is deur sy broers aan Midianitiese handelaars verkoop wat hom na Egipte gevat het (Genesis 37:28) en Ester is saam met haar oom en voog, Mordegai, as ballinge uit Jerusalem weggevoer (Ester 2:5-6).

Josef word aan die hoof van die farao se lyfwag, Potifar, verkoop waar hy in sy huis gebly het. Later word hy Potifar se persoonlike slaaf en hoof van sy huishouding en al sy besittings, want ”die Here was by Josef... van toe af het die Here die huis van die

Egiptenaar geseën" (Genesis 39:2, 5). Ester, die weeskind, word as koningin gekroon in die plek van Vasti (Ester 2:17).

Die skrywer van die Josef-verhaal stel die Josef-karakter voor as dié van 'n mooi en frisgeboude jong man wat ook Godvresend is (Genesis 39:6-9) en die Ester-karakter word beskryf as mooi, "baie mooi" (Ester 2:7).

Anders as in die Ester-verhaal is daar in die Josef-verhaal 'n direkte verwysing na God. Die skrywer van die Josef-verhaal werk met die eksplisiete betrokkenheid van God in die geskiedenis van Josef. Daar word nêrens in die verhaal genoem waar en wanneer Josef sy hoogmoed en arrogansie afgestaan het nie, maar die vermoede is dat hy in die put tyd gehad het om na te dink en om hom tot God te wend vir sy redding van gewisse dood. In Egipte "...die Here (was) by Josef en dit het baie goed gegaan met hom" (Genesis 39:2).

Josef gee erkenning aan God se almag as hy aan die twee amptenare in die tronk sê "God ken julle drome se uitleg" (Genesis 40:8).

Josef bewys sy gehoorsaamheid aan God wanneer hy Potifar se vrou se versoek om by haar te slaap, van die hand wys (Genesis 39:7-9). Die storielyn in die Josef-verhaal verloop op só 'n manier dat Josef in die tronk beland waar hy ook verseker is van God se alomteenwoordigheid "...(was) die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind..." (Genesis 39:21).

Later het Josef ook die farao se drome uitgelê. Die farao het Josef oor die hele Egipte aangestel. Tydens 'n groot hongersnood oor die hele wêreld is Josef se broers na Egipte om graan te koop. Hulle het hom egter nie herken nie. Uiteindelik laat Josef sy pa en sy hele familie na Egipte toe kom om daar in die beste deel van die land te woon (Genesis 41-47). So het die geskiedenis van Josef 'n bewys geword van die betrokkenheid van God by die mens wat Hom erken en dien.

In die geval van die verhaal van Ester, wou die skrywer waarskynlik suggereer dat God se werksaamheid slegs deur geloof sigbaar is, dat God 'agter die skerms' deur bemiddeling van mense tog steeds die Een is wat die gang en uitkoms van die geskiedenis bepaal.

Beide Ester en Josef het, deur die besluite wat hulle geneem het, bygedra tot die voortbestaan van die Joodse volk: Josef van die Israeliete, en Ester van die Jode, om

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



God se belofte aan Abraham te laat realiseer, naamlik “Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en die sand van die see. Jou nageslag sal die stede van die vyande in besit neem. In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam” (Genesis 22:17-18).

Na aanleiding van beide die Josef- en Judith-verhale, kan ‘n aanname gemaak word dat die skrywer van die Ester-verhaal ‘n implisiete boodskap van geloof in God, sy verlossing uit die mag van onderdrukkers en hoop vir die toekoms op ‘n besondere manier aan die na-eksiliese Jode wou deurgee.

## 4.3 SAMEVATTING

Die outeur van die Ester-verhaal was na alle aanduidings ‘n persoon met ‘n fyn waarnemingsvermoë en kennis van sekere aspekte van die na-eksiliese samelewing van die Joodse volk. Hy is duidelik bekend met onderdrukking deur vreemde heersers en ‘n vraag na die verlossingsmag van God. Hy het dus ‘n verhaal geskryf waarvan sekere elemente daarin as gevolg van oorlewering bekend sou wees. Die outeur het dus boodskappe van hoop en blydskap in die verhaal ingebou. Interpretasie van die verhaal sou by die lesers berus.

Kennis van die outeur se naam, persoonlike kenmerke, waardesisteme, gesindhede of posisie in die na-eksiliese tyd sou nie noodwendig ‘n bydrae tot die verstaan van die Ester-verhaal maak nie.

Kennis van die strategie wat die outeur gebruik het om die teikengroep te bereik, kan wel só ‘n verskil maak.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



# HOOFSTUK 5

## STRATEGIE VAN DIE BOEK ESTER

***"Baken jou koers af,***
***dan sal jy seker wees van elke tree"***
***(Spreuke 4:26)***

Die Israeliete word as 'n nomadiese volk wat om verskeie redes rondgetrek het, beskryf. Abraham het op bevel van die Here uit sy land weggetrek (Genesis 12:1), Jakob het van Laban af weggetrek nadat 'n engel aan hom die opdrag gegee het om weg te trek (Genesis 31:13). Na 'n groot droogte het Israel sy seuns na Egipte gestuur om graan te koop. Josef , toe regeerder oor die hele Egipte, het sy pa na Egipte laat kom om daar te woon (Genesis 46). Hierin het die volk Israel 'n keuse gehad.
Daar het ook 'n tyd in die Israeliete se bestaan gekom dat hulle teen hulle sin as ballinge na 'n vreemde land weggevoer is, onder vreemde heerskappy moes oorleef en hulle geloof en tradisies moes voortsit. In 587 vC is Jerusalem deur Nebukadneser vernietig. Baie Jode is doodgemaak en meeste van die ander is gevange geneem en na Babilonië weggevoer (Breneman 1993:16).

Die verhaal van Ester is geskryf teen die agtergrond van Persiese oorheersing in die tyd van koning Ahasveros (486 vC tot 465 vC). Die aanname kan gemaak word dat die outeur 'n storie wou skryf waarvan sommige inligting aan die diaspora-Jode bekend sou wees, soos Persiese persoonsname, byvoorbeeld Hadassa wat Ester genoem is (Ester 2:7), ander soortgelyke verhale soos die Josef-verhaal (Genesis 37, 39-45) asook die verbondsideologie (Genesis 17:3-9). Verandering en aanpassing by vreemde kulture sou sekere oorlewingstegnieke van die diaspora-Jode vereis het, soos byvoorbeeld om die wette van die land te gehoorsaam. Met sy rouklere aan het Mordegai tot by die poort van die paleis gegaan, want "niemand kon met rouklere aan by die poort ingaan nie" (Ester 4:2).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



‘n Verdere aanname kan gemaak word dat die outeur ‘n verhaal wou skryf wat nie nét as vermaaklikheidsleesstof moes dien nie, maar ook God se sorgsaamheid en redding uit verdrukking op ‘n besondere manier aan die verspreide Joodse volk moes oordra. Dat die outeur die verhaal deeglik beplan het, kan afgelei word van die vinnige tempo waarmee die verhaal vertel word, karakteruitbeeldings, ‘n storielyn wat die leser van een klimaks na ‘n ander neem en ook die oorsprong van die Purimfees wat verduidelik word. In die Ester-verhaal wou die outeur ook nie die Persiese lesers te na kom nie, dus is die goeie verhouding tussen die koning en Ester, asook sy goedgesindheid teenoor Mordegai, beskerm.

Volgens die verhaal het die outeur die karakter Mordegai gebruik om die omgewingsgevare te identifiseer. Mordegai het gehoor hoedat twee poortwagte beplan om die koning te vermoor en het hierdie inligting aan Ester gegee om die koning te waarsku (Ester 2:21-22). Dit is moontlik dat die poortwagte gedink het dat Mordegai nie hulle taal verstaan nie en daarom nie ag geslaan het op sy teenwoordigheid in die poort nie.

Mordegai het skynbaar toekomstige geleenthede voorsien in die vorm van alternatiewe strategieë. Hiervan is die taktiese planne wat op sy, Mordegai, se waardes gebaseer is, uitgevoer. Hy het koningin Ester versoek om na die koning te gaan om vir die vryheid van haar volk te pleit (Ester 4:8).

Die aanname kan gemaak word dat sorgvuldige strategiese beplanning daartoe bygedra het om van die Ester-verhaal ‘n goeie storie te maak, wat goed vertel is. Deur meelewing van die karakters word die lesers gehelp om die werklikheid van vreemdelingskap te ervaar.

Die outeur sou sekerlik met ‘n spesifieke *doel* voor oë seker gemaak het van *watter inligting hy het* en *wat die pad (strategie) is wat hy moet volg* om in sy doel te slaag.

In die Ester-verhaal vestig die outeur die lesers se aandag op die beskermende alomteenwoordigheid van God. Deur koverte boodskappe in die verhaal in te bou, word die wisselwerking tussen God en menslike besluitneming geaksentueer om die diaspora-Jode tot volharding van hulle geloof in God as redder van sy volk aan te spoor.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## 5.1 STRATEGIE-BEPLANNING

### 5.1.1 Die doel van die boek

D Die doel wat die outeur waarskynlik met die skryf van die boek wou bereik, was om die diaspora-Jode opnuut bewus te maak van:

- God wat in beheer is;
- God se wil wat sy volk beskerm;
- God wat sorg dat sy volk in vyandiggesinde en vreemde situasies oorleef;
- Botsende wêreldbeskouings;
- Aanspreeklikheid van mense;
- Hoop; en
- Die oorsprong van die Purimfees.

### 5.1.2 Beskikbare inligting

Beskikbare inligting waarmee die outeur kon werk, was:

- ‘n Geïdentifiseerde teikengehoor, die diaspora-Jode en ander bevolkingsgroepe wat toegang tot die geskrifte sou hê;
- Die ideologie van die Joodse volk, wat ook as teologiese temas beskou kan word;
- Kennis van die Persiese koning Ahasveros, sy uitgebreide koninkryk, bekende veldslae en werkinge van sy koninklike hof; en
- Bestaande literêre modelle wat gegrond kon wees op Bybelse verhale soos dié van die uittog uit Egipte (Eksodus 13:17-18), die Josef-verhaal (Genesis 37, 39-45) en ook dié van die Psalms, byvoorbeeld Psalm 73:1, 23, 28, óf nie-Bybelse geskrifte soos die geskiedskrywing van Herodotus in sy *History of the Persian Wars* (Clines 1984:260).

### 5.1.3 Die strategie wat die outeur gevolg het om sy doel te bereik

Op grond van die geïdentifiseerde teikengehoor en die sosiaal-kulturele aspekte wat hulle met mekaar en met die outeur in gemeen sou hê, het hy waarskynlik besluit dat

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



die beste strategie om sy lesers te vermaak, te laat dink en te onderrig, die skryf van 'n fiktiewe verhaal sou wees. Die twee teologiese temas in die boek, naamlik die aktiwiteit van God in die geskiedenis van Israel wat telkens hulle lotgevalle omkeer en hulle verlos, asook bewyse van menslike inisiatiewe en goddelike aksie wat mekaar kan aanvul, skyn deel te wees van die onderrigstrategie van die outeur (Clines 1984:268). Gottwald (1979:65) verwys na teologies-gebaseerde ideologie as religieuse ideologie. Bepaalde leesverwagtinge word by die lesers geskep deur hulle kennis van ander tekste. Op dié manier word intersubjektiwiteit, 'n funksie van intertekstualiteit, op die gemeenskaplike kennis van lesers toegepas (Cloete 1992:187).

'n Verdere poging van die outeur om sy doel te bereik, was om die oorsprong van die Purimfees te 'wettig'.

**5.2 DIE OORSPRONG VAN DIE PURIMFEES**

Die karakter Ester, heldin in die verhaal, het gedoen wat sy moes doen, naamlik om voorspraak by die koning te maak sodat haar volk nie uitgewis moes word nie. Hierdie optrede, en ook haar bekentenis dat sy van Joodse afkoms is, het daartoe aanleiding gegee dat die Jode hulle suksesvol kon verdedig teen hul vyande. Hulle blydskap is bewys deur feesvieringe, wat in die instelling van die Purimfees gekulmineer het (Ester 9:24-28, 9:31-32). Baldwin (Breneman 1993:289) meen dat die Ester-verhaal waarskynlik geskryf is sodat dit tydens privaat vergaderings of by openbare feeste voorgelees kon word. Die Ester-rol word hardop voorgelees in Joodse sinagoges tydens die Purimfees (Neusner, Levine & Frerichs 1987:226). In die Joodse kanon tel die boek Ester vir sy funksie as die bewysteks en publisiteit vir Purim en nie soseer vir sy werklike of denkbeeldige plek in die geskiedenis nie. Dit is in die konteks van Purim wat die Jode die teks aanhoor en dit is die atmosfeer van Purim wat die Joodse ontvangs daarvan deurspoel (Neusner et al. (1987:226).

Volgens 'n aantekening deur Gordis (Breneman 1993:289) het die Purimfees vinniger in die diaspora as in Palestina versprei aangesien anti-Semitiese botsings met 'n nie-Joodse meerderheid nie 'n vreemde verskynsel in die geskiedenis van die diaspora-Jode was nie.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Volgens Breneman (1993:291) is daar egter baie navorsers wat dink dat die boek Ester ‘n latere volksverhaal is wat ontwerp is om te verduidelik dat die fees ‘n sekulêre oorsprong het.
Breneman (1993:291) meen dat, ongeag alle ander verduidelikings oor die oorsprong van die Purimfees, geeneen iets te doen gehad met werping van die *lot* nie. Gehoorsaamheid om die Purimfees op vasgestelde dae en op ‘n spesifieke manier te vier ondervang die probleem van die diaspora-Jode op ‘n dieper vlak, naamlik dat hulle, soos Ester, moet kies tussen Joodse tradisie en die tydelike gesag van die oorheerser. Alhoewel feesviering tydelike verligting kan bring, verwyder dit nie die probleem nie (Neusner et al. 1987:234). Die klem van die Purimfees val dus nie op die groot aantal mense wat doodgemaak is nie, maar op die blydskap van oorwinning.

Keil (aangehaal in Breneman 1993:292) se standpunt is dat:

“The names of Purim and Mordechai’s day is a pledge that the essential contents of this book are based upon a(n) historical foundation”.

Ester is die enigste Ou-Testamentiese boek wat nie by Qumram gevind is nie. Die suggestie is dat die Purimfees nie deur die Joodse sekte aldaar gevier is nie, alhoewel die Esseners ander feeste gevier het wat nie in die Pentateug voorkom nie (Breneman 1993:92). Beckwith (Breneman 1993:92) se verklaring daarvoor is dat Purim afgewys is as gevolg van die uniekheid van die Qumran-kalender. Die Qumran-kalender het op presies 364 dae gewerk. Dit sou dus beteken het dat die Purimfees altyd op die Sabbat sou val. Viering van so ‘n vrolike fees sou lynreg in stryd wees met alles wat heilig is volgens die wette van die Qumran-gemeenskappe.

## 5.3 DIE LITERÊRE GENRE VAN DIE BOEK ESTER

Die Ester-verhaal is in die narratiewe tradisie geskryf. Alhoewel die outeur die verhaal teen ‘n pseudo-historiese agtergrond laat afspeel, is nie al die feite histories korrek nie.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Daar is egter ook soms bewyse ten gunste van historisiteit, soos dat die karakter van koning Ahasveros wat identifiseerbaar is met Xerxes I, ‘n bekende figuur uit Herodotus se *History of the Persian Wars* (Clines 1984:260). Volgens Neusner et al. (1987:227) was Herodotus ‘n tydgenoot van Ahasveros. Beskikbare buite-Bybelse inligting betwyfel ook die geloofwaardigheid van die boek as ‘n historiese geskrif. Herodotus het aangeteken dat Amestris in daardie tyd die koningin was en dat Persiese konings net kon trou met meisies uit die sewe adellike families in Persië (Neusner et al. 1987:227). Indien aanvaar word dat Mordegai saam met die Judese koning, Jojagin, deur koning Nebukadneser verban is, het dit in die jaar 598 vC gebeur. By implikasie sou die karakter Mordegai in die tyd van koning Ahasveros se regering ( 486 vC tot 465 vC), reeds honderd jaar oud gewees het (Neusner et al. 1987:227).
Hiervolgens kan die boek Ester dus nie as deel van die Joodse geskiedskrywing beskou word nie.

Clines (1984:256) is van mening dat:

“no matter how authentic the period detail of a historical novel may be, if its central plot or narrative is fictional, it belongs on the fictional shelf”.

‘n Aanname kan dus met redelike sekerheid gemaak word dat die outeur in alle waarskynlikheid nie bedoel het om die boek Ester as ‘n historiese verhaal te skryf nie, maar veel eerder as ‘n fiktiewe verhaal wat teen die agtergrond van gebeure in die verlede, wat aan sy teikengehoor bekend sou wees, afgespeel het. Die outeur het ook gebruik gemaak van ander literêre invloede, soos die Josef-verhaal (Genesis 37, 39-45). Die verhale van Rut en Ester, asook dié van Josef, verskil van kortverhale daarin dat hulle nie die situasie volgens ‘n skema beskryf het nie, byvoorbeeld inleiding- liggaam-slot opgebou is nie, maar dat ‘n groter aantal verhaaleenhede in ‘n dieper verhaaleenheid geïntegreer is. In die Ester-verhaal volg die onderdele of perikope mekaar vinnig op, laat groter beweeglikheid in tyd en ruimte toe en skep die moontlikheid dat ‘n groter aantal karakters aan die gebeurtenis deelneem as wat in ‘n kortverhaal moontlik is.

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Fiksie het met ‘n bepaalde siening van die wêreld te make, maar is nie “waar” in die gewone sin van die woord nie (Cloete 1992:129). Fiksionele tekste soos die boek Ester, is volgens Cloete (1992:129) ‘n belangrike vorm van kommunikasie waarin die siening van die werklikheid, soos deur die outeur ervaar, op konkrete wyse uiteengesit, weergegee en aangebied word. Oor die algemeen word aanvaar dat fiksie aangebied word met die doel om te vermaak. Die funksie van fiktiewe verhale strek egter veel wyer. Die bedoeling is ook om die leser op subtiele wyse te onderrig, te laat dink en ervaar. Die ervaring is daarin geleë dat as die verhaal die leser sou boei en interesseer, hy/sy meegevoer sou word tot meelewing met die karakters in die verhaal (Cloete 1992:129).

Verstaanbaarheid van die Ester-verhaal word nie nét moontlik gemaak deur beskrywing van die sosiaal-kulturele agtergrond waarin die gebeure plaasgevind het nie. Bespreking van die narratiewe konsepte soos die verteller, die karakters, tyd-en-ruimte en ‘n boeiende storielyn  toegepas op die boek en ander literêre werke wat waarskynlik aan die outeur en sy teikengehoor bekend sou wees, is veronderstel om by te dra tot die boek se verstaanbaarheid.

*Die makrostruktuur van die boek Ester word in die hoofstuk hierna bespreek.*

Die gebruik van spesifieke skryfstyle en kleurverlening aan die teks deur die kreatiewe gebruik van ironie en humor, sorg daarvoor dat die leser enduit geboei is deur die storie van Ester. Die teologiese boodskappe wat die leser tot nadenke sou lei is in die verhaal verskans.

Uiteindelik is dit die interpretasie van die leser wat die verstaanbaarheid en impak van die Ester-verhaal bepaal. Die leser se reaksies op ‘n verhaal word gemeet aan sy veronderstellings en interpretatiewe strategieë volgens die verwagtinge wat hy van die literêre genre het (Neusner et al. 1987:225).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



## 5.4 LITERÊRE KENMERKE IN DIE BOEK ESTER

Goeie stories het probleme wat opgelos moet word. Dit is wat in die Ester-verhaal gedoen is (Breneman 1993:288). Die oplossing is onverwags en voeg belangstelling in die verhaal by. Die storie as 'n geheel gee die indruk dat dit beplan is.

"...the incidents at each stage seem laid so as to prepare for the next stage, which duly follows without hitch or interruption" (aangehaal deur Driver in Neusner et al. 1987:228).

### 5.4.1 Ironie

Om ironie raak te sien, verskaf plesier aan die leser van 'n verhaal. Dit kan die leser laat lag, laat wonder, of sy simpatie ontlok. Ironie kan voorkom in 'n stelling, 'n situasie, 'n onverwagte gebeurtenis of in 'n sienswyse (Kennedy 1983:129). Die onverwagte gebeur wanneer Haman, in teenstelling met sy voorneme om die Jode te vernietig, aangesê word om vir Mordegai, geklee in klere wat die koning aangehad het, op die koning se perd deur die strate te lei en uit te roep "So word gemaak met iemand aan wie die koning graag eer wil bewys!" (Ester 6:7-11). Deur die leser op só 'n manier te betrek is die storie meer aangrypend en word dit beter onthou (Kennedy 1983:129).
Die tema van ommekeer van gebeure vind plaas in twee hoof verhoudings. Eerstens vind dit op individuele vlak plaas tussen Haman en Mordegai. Op kollektiewe vlak kom dit voor tussen Persiese Jode-haters en die Jode. In afwagting van die kollektiewe Joodse oorwinning, vervang Mordegai vir Haman (Neusner et al. 1987:235). Haman bou 'n galg om Mordegai aan op te hang, maar word self daaraan gehang (Ester 7:9-10). Die koning haal die seëlring wat hy aan Haman gegee het van sy vinger af en gee dit aan Mordegai, die Jood (Ester 8:2). Ester gee Haman se huis aan Mordegai (Ester 8:2) en die storie eindig waar Mordegai, die Jood, as tweede-in-bevel van die koning aangestel word. Hierdie aksie kan geïnterpreteer word as die Jode se "verhewendheid" bo alle volkere.
Ironie kom volop voor in die verhaal, gewoonlik ten koste van die karakter Haman (Neusner et al. 1987:28). Haman wil die karakter Mordegai kwaad aandoen, terwyl dit

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Mordegai is wat die koning beskerm het teen die poortwagters wat die koning wou vermoor (Ester 2:21). Haman wag in die voorhof van die paleis om toestemming te kry om Mordegai te hang, maar die koning vra aan Haman hoe om Mordegai te vereer (Ester 6:4-11).

### 5.4.2 Humor

Dit kom voor asof die outeur self ‘n fyn sin vir humor gehad het. Daar is ‘n ondertoon van spot met die vertoon van rykdom en mag van koning Ahasveros en sy hoë amptenare, terwyl dit eintlik die slim diplomasie van koningin Ester was wat die koning oorreed het om die Jode ‘n kans op oorlewing te gee.

Humor in ‘n storie verwys na iets lagwekkend wat deur die outeur beskryf word. ‘n Humoristiese beskrywing word ook gebruik om simpatieke begrip vir die wisselvallighede en disharmonieë van die lewe, asook teenstrydighede in die menslike natuur uit te wys. Humor gee aan ‘n verhaal die voorkoms van fiksie (Cloete 1992:179). Koning Ahasveros kan nie beheer oor sy vrou, koningin Vasti uitoefen nie (Ester 1:12), maar hy is die heerser oor ‘n groot en magtige ryk. Die hoë amptenare het só bedreig gevoel deur koningin Vasti wat geweier het om voor die koning wat “baie vrolik was van die wyn” (Ester 1:10) te verskyn, dat ‘n koninklike edik uitgevaardig moes word sodat “elke man baas moet wees in sy eie huis...” (Ester 1:22). Haman bou ‘n galg vir Mordegai, maar kort voor lank word hy self daaraan opgehang (Ester 9:25). “Wie ‘n gat vir ‘n ander grawe, val self daarin” (Spreuke 26:27).

### 5.4.3 Volksverhaal

Die boek Ester deel sekere kenmerke met volksverhale, soos: die heldin, arme Ester, is ‘n weeskind; sy word verhef tot koningin; die koning bied die helfte van sy koninkryk aan sy geliefde koningin; die tentoonstelling van sy rykdom is bereken om te beïndruk (Neusner et al. 1987:228).

In teenstelling met die wyse koning Salomo van Israel, wat na wysheid eerder as rykdom gesoek het (1 Konings 3:13), spog die karakter koning Ahasveros, oor sy rykdom (Ester 1:4; Neusner et al. 1987:230).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Dit is moontlik dat die karakter van Mordegai geskoei is op die voorbeeld van Nehemia, wat sy loopbaan aan die koninklike hof in die stad Susan begin het (Nehemia 1:1; Neusner et al. 1987:230).

## 5.5 IDEOLOGIE

Die ideologiese tema van die boek Ester verwys na die voorsienigheid van God.
In Israel se geskiedenis het die profete gepraat van die konstante sorg, verlossing en dissipline wat God aan sy volk gee, dus sou die outeur en die diaspora-Jode ook in die optrede van die karakters, God se hand in alles sien. "Ek het jou uit Egipte gebring, Ek het jou uit die plek van slawerny gered...en weet dat die Here julle die oorwinning laat behaal het" (Miga 6:4-5). Alhoewel daar ook nie eksplisiet melding gemaak is van die Wet of die Verbond, gebed of engele nie, was godsdienstige begrippe soos voorsienigheid, gebed en om te vas, as vanselfsprekend aanvaar. Verwysing na genade, barmhartigheid of goedheid word egter gemis (Breneman 1993:293).
Ideologie bestaan uit idees en perspektiewe wat hulle basis in die sosiale behoeftes en belange het van diegene wat die bepaalde idees en sienswyse huldig (Barr 2000:105).
Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die diaspora-volkere wat in vreemde lande versprei was se sosiale behoeftes die van oorlewing en bevryding was. Die diaspora-Jode sou staat gemaak het op hulle gedeelde ideologie dat God hulle sal verlos.
Gottwald (1979:700) is van mening dat die Jahwistiese godsdiens die praktyk en ideologie van 'n werklike sosiale gemeenskap was wat algemene konsensus daaroor bereik het. Ideologie kan lei tot die aanvaarding van 'n waarheid wat net 'n waarheid is van 'n ras of etniese groep(Barr 2000:135,137).
Israel se begrip van goddelike voorsiening het gespruit uit ervaring. Israel het God se wonderlike dade in die eksodus uit Egipte en die trek deur die wildernis onthou (Eksodus 13:17; Deuteronomium 7:8). "...Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees" (Deuteronomium 7:6).
Die rol van ideologie in die Bybel en die interpretasie daarvan kan net ge-evalueer word deur 'n teologie wat *waarheid* as sy primêre standaard het (Barr 2000:137).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Barr (2000:139) is van mening dat skrywers ideologie gebruik vir sisteme van idees wat dit in sterk kontras met verhale plaas.
In die Ester-verhaal het die skrywer die Joodse ideologie as basis gebruik om die sisteem van implisiete boodskappe wat hy aan die diaspora-Jode wou deurgee met die verhaal wat gaan oor die oorlewing van Jode in ballingskap en hulle uiteindelike ontsnapping van uitwissing, te kontrasteer. Dit was nie nodig om in die verhaal eksplisiet na God te verwys nie.

## 5.6 BOODSKAPPE IN DIE BOEK ESTER

### 5.6.1 Apologie

Dit wil voorkom asof een van die verskuilde boodskappe gerig is op 'n appél tot die nie-Joodse gemeenskappe om Judaïsme in 'n gunstige lig te beskou. Die boek toon nie 'n negatiewe gesindheid van die Persiese regering teenoor die Jode nie. Trouens, die koning het 'n Jodin (sonder dat hy weet) as koningin en hy verhef Mordegai, die Jood, tot eerste minister (Ester 2:17; 8:2).

### 5.6.2 God is in beheer

Alhoewel God se naam nêrens in die Masoretiese Teks van die boek Ester genoem word nie, is daar net té veel toevallige insidente wat onverklaarbaar is, behalwe as om dit toe te skryf aan die tussentrede van God. Hy plaas die regte mense op die regte tyd op die regte plek. Hy besluit wat moet gebeur en wanneer dit moet gebeur. Koningin Vasti verontagsaam die bevel van koning Ahasveros om voor hom te verskyn sodat Ester, 'n Joodse balling, as koningin gekroon kan word om uiteindelik as voorspraak te dien vir die Joodse volk om hulle van totale uitwissing te red (Ester 1:19; 7:3-6; 8-10). Mordegai red die koning se lewe deur Ester in te lig oor die sameswering van twee poortwagte om die koning dood te maak. Op haar beurt stel sy die koning hiervan in kennis. Op 'n nag kan die koning nie slaap nie, laat *toevallig* die annale voorlees waarin hierdie optrede van Mordegai aangeteken is en ontdek dat hy nooit vir sy weldaad vergoed is nie. *Toevallig* is dit Haman wat die volgende oggend in die voorhof is en wat aan die koning vertel wat gedoen moet word om aan iemand baie eer te bewys – min wetende dat die koning vir Mordegai in gedagte het (Ester 2:10-23; 6:1-11). Volgens

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Loader (1980:152) gebruik die outeur die ommekeer van verhoudings tussen sterk en swak, verdrukkers en verdruktes as ‘n fundamentele patroon om hierdie boodskap te struktureer.

### 5.6.3 God beskerm sy volk

God is die beskermer, verál wanneer sy volk die onderdrukte minderheid is.
Die Jode in die Persiese Ryk was ‘n minderheidsgroep wat met uitwissing gedreig is. Die Perse het egter die Jode gevrees. Die outeur maak gebruik van Mordegai en Ester se Joodsheid, die een overt en die ander kovert, om ‘n parallel te trek na die Josef-verhaal (Genesis 39:1-6) en Israel se uittog uit Egipte (Exodus 14:30-31) om sodoende ‘n boodskap van God se beskerming aan die diaspora-Jode uit te stuur.
Die outeur van die boek Ester staan, volgens Breneman (1993:295), in dieselfde Hebreeuse tradisie as al die ander Ou-Testamentiese skrywers wat alle aspekte van goddelike voorsienigheid as vanselfsprekend aanvaar. God se voorsienigheid is die dryfkrag agter die narratief. Die outeur wou hê dat sy lesers die misterie van God se hand in die verloop van die geskiedenis sou sien. Hy het ook verkies om te wys hoedat menslike besluitneming en aksie instrumente is van die goddelike doel (Breneman 1993:295).
Die boek se sorgvuldige vermyding van eksplisiete verwysing na God suggereer dat toepassing van sy voorsienigheid veral gemaak moet word op daardie situasies waar dit lyk asof God die minste sigbaar is. God het reeds die instrumente van verlossing geplaas toe Hy vir Ester in die koninklike hof en vir Mordegai in die koning se guns geplaas het (Breneman 1993:295).

### 5.6.4 God sorg dat Sy volk in vyandiggesinde en vreemde situasies oorleef

Voorbeelde van hoedat God sy volk gehelp het om in vyandige en vreemde situasies te oorleef, word verspreid in die Ou en Nuwe Testament gevind (Genesis 26:14-15; Johannes 15:18; Daniël 1:17). Dit blyk dus dat anti-Semitisme ‘n deurlopende, onderliggende gevaar was. Dit was waarskynlik die bedoeling van die outeur om die boek Ester as onderrigmedium te gebruik om die lesers te leer dat gelowiges God kan vertrou om hulle uit moeilike omstandighede te red. Die karakter Mordegai is ‘n

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



toonbeeld van hoe dit moontlik is vir ‘n wetsgehoorsame Jood om in ‘n vreemde land te oorleef en om ‘n model burger te wees wat terselfdertyd lojaal is teenoor God (Breneman 1993:297)

Uit die teks kan afgelei word dat daar ‘n beduidende aantal Jode in die Persiese Ryk was wat die Joodse geloof en tradisies onderhou het. Ester versoek Mordegai om al die Jode in Susan bymekaar te maak en ter wille van haar te vas (Ester 4:16). Mordegai is as tweede in bevel onder die koning aangestel en hy het “hom vir die welvaart van sy mense beywer en die veiligheid van al hulle nakomelinge verseker”(Ester 10:3).

Die teendeel is egter ook bewys, naamlik die groot aantal mense, 75 810 altesaam, wat Jode-haters was en deur die Jode op die 13de en 14de Adar doodgemaak is (Ester 9:5-16).

### 5.6.5 Botsende wêreldbeskouings

Twee botsende botsende wêreldbeskouings, wat in werklikheid botsings van ideologiese verskille is, word deur die outeur in die boek Ester voorgehou. Een word deur die karakter Haman, wat in die noodlot geglo het en dit gebruik het om te probeer om sy vyande uit te wis en om die rigting van gebeure te beheer, verteenwoordig.

Geloof in die noodlot was deel van ‘n wêreldbeskouing wat oral in die antieke wêreld voorgekom het. Dit was gebaseer op ‘n soort panteïstiese perspektief dat daar wette in die heelal was waaraan selfs die gode ondergeskik is. Hierdie wêreldbeskouing vorm die basis van astrologie wat ten sterkste in die Ou Testament veroordeel word (Breneman 1993:296). Dit is juis die veroordeling van die gebruike van astrologie wat die bestaan daarvan, selfs onder die Jode, bevestig het.

Haman se gebruik van die “lot” vestig die aandag op so ‘n wêreldbeskouing. Die outeur sou seker kennis dra van die gebruik van loting onder die Israeliete. “Josua het toe die loting daar in Silo in die teenwoordigheid van die Here gedoen en die land tussen die Israelitiese stamme verdeel” (Josua 18:10).

In teenstelling daarmee stel die outeur die soewereine mag van, en geloof in, God as die dryfkrag agter die geskiedenis van sy volk. God gebruik mense as werktuie om geregtigheid te laat geskied. God is Meester van die geskiedenis, maar Hy maak mense verantwoordelik vir hulle besluite en optredes (Breneman 1993:296; Ester 4:14).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



**5.6.6 Aanspreeklikheid**

Die mens is aanspreeklik vir sy eie dade, ook vir dit wat hy/sy nie doen nie. Hierdie etiese beginsel kom reeds in sommige Ou-Testamentiese geskrifte voor. Sadrag, Mesag en Abednego verontagsaam koning Nebukadneser se bevel om voor die goue beeld te buig en word in ‘n brandende oond gegooi. God beloon hulle gehoorsaamheid aan Hom deur hulle ongedeerd uit die vuur te red (Daniël 3:13-30). Mordegai weier om voor Haman te buig en die koning, op versoek van Haman, vaardig ‘n proklamasie uit wat die Jode oor die hele Persiese Ryk sou uitwis omdat “daar [is] ‘n volk wat hulleself apart hou van die ander volke... en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie...vaardig ‘n proklamasie uit om hulle uit te roei” (Ester 3:1-10). Mordegai moet dus aanspreeklikheid aanvaar vir sy optrede. Sonder om deur die koning ontbied te word, besluit koningin Ester om op aandrang van Mordegai na hom te gaan in ‘n poging om haar volk te red, want “As ek moet omkom, moet ek maar omkom” (Ester 4:16). Koningin Ester neem dus ‘n ingeligte besluit, ongeag die gevolge daarvan. Vir Loader (1980:153) is die boek Ester een van drie uitsonderinge in die Ou Testament wat ‘n genuanseerde en geïntegreerde uitdrukking gee aan die oortuiging dat selfstandige menslike inisiatief en verantwoordelikheid vir wat gebeur, nóg goddelike bestuur uitsluit, nóg daardeur uitgesluit word.

Breneman (1993:297) is van mening dat ‘n voorbeeld van hoe om ‘n gehoorsame lewe te lei, in die karakters van Ester en Mordegai gevind word. Volgens hom was Ester ‘n model-dissipel van God wat deurlopend die regte ding gedoen het, die regte besluite geneem het, en die regte woorde gesê het.

Twyfel ontstaan egter ten opsigte van bogenoemde beskrywing van Ester se karakter wanneer karaktereienskappe van onwilligheid en ongemotiveerde bloeddorstigheid na vore kom. Ester is onwillig om op versoek van Mordegai die koning te nader (Ester 4:10-11). Die donker kant van haar karakter tree op die voorgrond wanneer sy die koning versoek om ‘n tweede dag van afrekening met Joodse vyande in Susan goed te keur (Ester 9:13-15).

In die Bybelse wêreld is status deur inskiklikheid gewaarborg (Deuteronomium 15:12-18). Ester is inskiklik en verkry status as koningin. Sy vorder van weeskind (onrein; en persoon sonder status) tot koningin (persoon met status). Volgens Pilch en Malina

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



(1998:45-46) impliseer status dominansie – ‘n waarde wat deel vorm van die struktuur van gesagswaarde. Dit is ‘n waarde wat mag goedkeur. Die outeur van die Ester-verhaal was skynbaar bekend met hierdie beginsel en het hy dié sosiale waarde gebruik om ‘n dramatiese ommekeer in die optrede van die karakter Ester te bewerkstellig. Dominansie is goedgekeur deur God en is die tema van die boek Josua (Pilch & Malina 1998:45-46). Koningin Ester het haar status gebruik om ‘eer’ te verkry en ontslae te raak van die ‘onreinheid’ wat aan haar toegedig is vanweë haar vroeëre nie-status as weeskind.

Die verandering in die optrede van die karakter Ester strook met die tema van peripetie in die boek. Koningin Ester kon slegs haar volk red deur die drastiese ommekeer van haar gedrag. Nog ‘n *toevalligheid* wat bydra tot die oortuiging dat God agter die skerms werk.

### 5.6.7 Hoop

Ten spyte van die terugkeer na Palestina en die herbou van die tempel, het die Jode nog gehoop op die *Dag van Jahweh.* Die outeur verwerk die begrip dat hoop nie in sy ou vorm sal terugkeer nie, maar dat nuwe vorms van hoop gevind moet word (Bright 1979:453). In die boek Ester het die outeur ‘n nuwe vorm van hoop aan die Jode voorgestel, naamlik dat God mense gebruik om uitvoering aan sy reddingsplan te gee.

## 5.7 SAMEVATTING

Die boek Ester is die verhaal van ‘n vrou en van God.

Dit is die verhaal van ‘n Jodin aan die hof van Ahasveros ‘n Persiese koning, en haar rol in die verlossing van die Jode van die moorddadige plan van Haman, die man wat die koning bo al sy amptenare aangestel het (Ester 3:1). Dit is ook die verhaal van God wat ‘n mens gebruik het om sy plan uit te voer. Alhoewel God se naam nie eksplisiet in die verhaal genoem word nie, het die outeur aanvaar dat God sal voorsien, soos Abraham aan Isak gesê het “My seun, God sal sy eie offerlam voorsien” (Genesis 22:8).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



# HOOFSTUK 6

## ANALISE VAN DIE MAKROSTRUKTUUR VAN DIE BOEK ESTER

***"Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie..."***
***(Prediker 12:12)***

Die boek Ester is geskryf teen die multikulturele agtergrond van die hoofstad Susan waar koning Ahasveros, die Persiese koning, se winterpaleis was. Alhoewel die outeur die na-eksiliese diaspora-Jode in gedagte gehad het by die skrywe van die Ester-verhaal, is die moontlikheid nie uitgesluit dat sy leserskring veel wyer gestrek het as net die Joodse en ander gemeenskappe in die onmiddellike omgewing nie.

Om seker te maak dat die boek Ester as medium sal dien om al die diaspora-volkere te motiveer om in die getrouheid en beskerming van die God van Israel te glo, moes die verhaal ook mense daarvan oortuig dat dit beter is om die heersers te eerbiedig en lojaal teenoor hulle te wees, as om hulle wette te oortree. Die boek moes ook daarin kon slaag om die lesers te vermaak en vreugde en hoop vir die toekoms te verskaf.

Die outeur het daarom gebruik gemaak van 'n goedbeplande storie, geskryf in 'n formaat waarin die gebeure mekaar in kronologiese orde opvolg en konsepte wat 'n integrale deel van 'n goeie storie uitmaak.

Die dele van die verhaal kan net verstaan word soos wat hulle verband hou met die hele literêre struktuur. Die teenoorgestelde is ook waar, naamlik dat die storie in al sy kompleksiteit die beste verstaan kan word as daar oor elke deel afsonderlik nagedink word (Jobes 1999:40).

Bybelliteratuur "is nie estetiese literatuur nie, maar oorwegend 'n 'betrokke' godsdienstig-propagandistiese  werke vanuit 'n patriargale samelewing, wat perspektiewe of argumente in die vorm van vertellings aanbied" (Cloete 1992:51). Dit beteken dat die verhaal 'n funksie in die samelewing moes vervul, byvoorbeeld die fundering van 'n feesgeleentheid. In geval van die Ester-verhaal word dit beskou as die oorsprong van die Purimfees (Ester 9:20-32). Perspektiewe volgens die patriargale

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



samelewing word duidelik namate die formaat, struktuur en temas in die boek Ester bespreek word.

In die bespreking wat volg, gebruik die navorser ‘n deduktiewe metode vir analise van die boek Ester. Eerstens word aandag gegee aan die breë raamwerk van die formaat van die boek waarin die struktuur van narratiewe analise pas. Daarna word die motiewe en temas bespreek.

## 6.1 DIE FORMAAT VAN DIE BOEK ESTER

Die formaat van die Ester-verhaal bestaan uit drie dele, naamlik:

- Die inleiding
- Die hoofdeel of liggaam
- Die slot

### 6.1.1 Die inleiding

Die inleiding skep die wêreld van die verhaal vir die leser en stel gewoonlik ook die hoofkarakter(-s) bekend. ‘n Narratief begin gewoonlik met ‘n paar sinne wat die hele storie opsom en vertel dus waaroor die storie gaan (Berlin:1983:102). Genesis 22:1 is ‘n goeie voorbeeld van wat Berlin (1983:102) die *abstract* noem. “ ’n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel”. In een sin word die leser ingelig oor die tyd van die verhaal, die hoofkarakter en waaroor die storie gaan.

Die inleidende gebeurtenisse word vanaf Ester 1:1 tot 2:18 in opeenvolgende gebeurtenisse of sekwensies ingedeel.

Die eerste sekwensie beskryf die Persiese hof met al sy rykdom en prag. In die tweede gebeurtenis lig die verteller die leser in oor die onttroning van koningin Vasti en die wette en regulasies van die Persiese ryk. In die derde gebeurtenis in die inleiding tot die boek Ester, word ‘n nuwe koningin gesoek en Ester word as koningin gekroon (Fokkelman & Weren 2003:207).

### 6.1.2 Die hoofdeel of liggaam

Berlin (1983:102) verwys na die liggaam van die storie as die *oriëntasie.*

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Die liggaam van die verhaal is die hoofstorie. Dit is hierdie gedeelte wat die outeur gebruik om die verhaal in konteks te plaas deurdat hy die tyd, plek en karakters in die narratief identifiseer (Berlin 1983:102). Die hoofdeel van die verhaal omskryf die gebeure wat aanleiding gee tot die probleem of komplikasie, want deel van ‘n goeie storie is ‘n  probleem of komplikasie wat opgelos moet word. Berlin (1983: 104) noem die hoofdeel van die storie *kompliserende aksie.*

Die begin van die boek Rut (Rut 1:1), is ‘n goeie voorbeeld van oriëntasie. “In die tyd van die leiers was daar op ‘n keer hongersnood in die land, en ‘n man met sy vrou en twee seuns het uit Bethlehem in Juda weggetrek om ‘n heenkome te soek in die gebied van Moab”. Die outeur plaas dadelik die narratief in temporele konteks met “In die tyd van die leiers”, wat ‘n lang periode was en wat lank voor die tyd van die verteller is (Berlin 1983:102). Op dié manier distansieer die verteller hom van die verhaal en lei hy sy lesers in die tydvak in waarin die verhaal afspeel. “Om ‘n heenkome te soek in die gebied van Moab” is ‘n aanduiding dat daar ‘n komplikasie of probleem in die verhaal is.

Die Bybelse narratief is saamgestel uit verskillende tonele (*scenes*), soos in ‘n rolprent. Elke aksie word opgebreek in verskillende tonele waar elkeen in ‘n bepaalde tyd en op ‘n bepaalde plek afspeel. Dit fokus die leser se aandag op dade of optredes en woorde wat ge-uiter word. Konflikte of stellings, of enkele dade en direkte spraak is goeie voorbeelde hiervan (Berlin 1983:46; Ester 3:2-3).

Soms is daar ‘n *merker* wat aandui dat die hoofstorie begin. Dit mag ‘n verwysing na tyd wees of, soos Berlin (1983:104) dit stel, ‘n  *temporele indikator*. Dit kan spesifiek wees soos “in die derde jaar van sy regering” (Ester 1:3), of algemeen soos in Job (1:6): “Op ‘n dag...”.

Soortgelyke merkers kan ook gebruik word om ‘n nuwe episode of onderafdeling  in te lei (Berlin 1983:104). ‘n Nuwe episode kan ook ingelei word deur bekendstelling van ‘n nuwe dramatiese karakter, *dramatis persona*, deur ‘n omstandigheidstelling (Berlin 1983:104).

“ ’n Tyd daarna het koning Ahasveros vir Haman seun van Hamadata die Agagiet vereer en hom bevorder” (Ester 3:1). ‘n Nuwe episode en ‘n nuwe toneel word hiermee bekendgestel.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



In Ester 2:19- 23 word vertel hoedat Mordegai ‘n sameswering om die koning te vermoor, gefnuik het. Ester het die koning hiervan vertel, die verantwoordelike persone is opgehang en die gebeure is in die teenwoordigheid van die koning in die koninklike annale opgeteken.

Vanaf Ester 3 tot 8 word van die persoonlike konflik tussen Mordegai en Haman vertel, tot waar dit eskaleer in Haman se dreigement om die Joodse volk uit te wis. Die vertelling sluit ook die waaghalsige optrede van koningin Ester in om na die koning te gaan sonder om ontbied te word, koningin Ester se twee onthale vir die koning en Haman, die verering van Mordegai ná die koning se slapelose nag, en uiteindelik hoedat Haman se beplande aanslag teen homself gekeer het en hy opgehang is. Die Jode is nie net gered van uitwissing nie, maar hulle is ook bemagtig. In Ester 9 tot 10 word die instelling van die Purimfees en hoe die Jode se redding uit hulle nood gedenk moet word, verduidelik (Jobes 1999:40).

### 6.1.3 Die slot

Berlin (1983:107) verwys hierna as die *koda*.

Die einde van ‘n storie het een doel, naamlik die afsny van die vloei van die narratief sodat die lesers weet dat die verhaal beëindig is. Om dit te doen, moet hulle dikwels gelei word om verder te kyk na ‘n toekomstige tyd, soms in die leser se eie tyd, of ‘n diffuse tyd ‘hierna’. Op dié manier komplementeer die storie se einde sy begin. Die slot of einde van die storie neem die lesers uit die tydraamwerk van die narratief en bring hulle terug na die werklike tyd (Berlin 1983:107).

Mordegai word as tweede-in-bevel onder koning Ahasveros aangestel en “het hom beywer vir die welvaart van sy volk en die veiligheid van al hulle nakomelinge verseker” (Ester 10:3).

Alhoewel dit voorkom asof die eerste hoofstuk van die boek Ester ‘n aparte verhaal is, skakel dit tog in by die tema van die verhaal. Dit verskaf egter nie ‘n inleiding tot die verhaal as dit volgens die formaat beskryf sou word nie. Die inleiding wat die lesers deur die liggaam van die storie na die slot of afsluiting daarvan begelei, begin eerder by die tweede hoofstuk van die boek Ester. Die slot van die verhaal is bondig en vat die oplossing van die probleem in ‘n neutedop saam.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## 6.2 DIE SEKWENSIËLE INDELING VAN DIE BOEK ESTER

Die sekwensiële indeling van die boek Ester pas in die breër raamwerk van die formaat.

Siebret-Hommes (Fokkelman & Weren 2003:407-409) verdeel die makrostruktuur van die boek Ester as volg in vier sekwensies:

- ***Inleidende gebeurtenisse*** ***(Ester 1:1-2:23)***
  - Proloog (Ester 1:1-1:9)
  - Wie is baas in die huis? (Ester 1:10-22)
  - Mordegai en Ester (Ester 2:1-23)

Die eerste sekwensie beskryf die Persiese hof, met al sy rykdom en prag. In die tweede gebeurtenis lig die verteller die leser in oor die onttroning van koningin Vasti en die wette en regulasies van die Persiese ryk. In die derde gebeurtenis in die inleiding tot die boek Ester, word ‘n nuwe koningin gesoek en Ester word as koningin gekroon (Fokkelman & Weren 2003:207).

- ***Haman in ‘n magsposisie: die Jode word bedreig*** ***(Ester 3:1-5:8)***
  - Haman se wet (proklamasie) vir die Jode se vernietiging(Ester 3:1-15)
  - Mordegai haal Ester oor om na die koning te gaan (Ester 4:1-17)
  - Ester se eerste aksie (Ester 5:1-8)

In die eerste sekwensie word Haman deur die koning vereer en bevorder. Elkeen moet voor hom buig maar Mordegai die Jood, doen dit nie. Hierdie optrede van Mordegai gee aanleiding daartoe dat Haman al die Jode wil uitwis en hy werp die *lot* om die dag te bepaal waarop die Jode uitgedelg moet word. Die koning keur die proklamasie vir die vernietiging goed sonder dat hy weet watter volk in sy koninkryk betrokke is (Fokkelman & Weren 2003:408).

Die tweede sekwensie beskryf hoedat Mordegai in sak en as deur die stad, tot voor die stadspoort, loop en kerm het. Hy stuur ‘n afskrif van die koning se proklamasie aan koningin Ester en vra dat sy by die koning moet intree vir haar volk. Koningin Ester is nie gretig om dit te doen nie, want sy weet dat as iemand ongenooid na die koning gaan

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



hy met die dood gestraf sal word. Mordegai herinner haar egter daaraan dat sy nie aan die dood sal ontkom net omdat sy in die paleis woon nie (Fokkelman & Weren 2003:408). Koningin Ester besluit egter om te gaan, want "As ek moet omkom, moet ek maar omkom" (Ester 4:16).

Die derde sekwensie stel 'n spannende toneel voor waarin koningin Ester na die koning gaan en grasie verkry: hy hou sy goue septer na haar uit. Die koning bied haar die helfte van sy koninkryk aan, maar al wat sy doen is om vir die koning en Haman uit te nooi na 'n maaltyd. Sonder om haar geheim te verklap, nooi sy weer albei vir 'n tweede maaltyd op die volgende dag (Fokkelman & Weren 2003:408).

- ***Haman begin val: Redding vir die Jode kom*** ***(Ester 5:9-8:17)***
  - Intermezzo tussen die maaltye (Ester 5:9-6:14)
  - Ester se tweede maaltyd: Haman ontmasker (Ester 7:1-10)
  - 'n Nuwe wet vir die Jode (Ester 8:1-17)

Die eerste sekwensie bied 'n intermezzo waar Haman se mag as gevolg van twee konfrontasies tussen Haman en Mordegai, begin wankel. Mordegai weier steeds om voor Haman te buig en Haman besluit om 'n galg te bou waaraan Mordegai opgehang moet word. Vroeg die volgende oggend gaan hy na die koning om goedkeuring vir hierdie wandaad te kry, net om uit te vind dat die koning 'n slapelose nag gehad het, die annale laat voorlees het en tot die besef gekom het dat Mordegai nooit beloon is vir sy weldaad wat hy aan die koning bewys het nie. Die tweede konfrontasie met Mordegai ontstaan nou, want in plaas daarvan dat Mordegai opgehang word, moet Haman nou die hoogste eer wat hy eintlik aan homself toegewens het, aan Mordegai bewys (Fokkelman & Weren 2003:408).

In die tweede sekwensie vind die ontknoping plaas: Ester ontmasker vir Haman en hy word aan die galg gehang wat hy vir Mordegai gebou het.

Die gevaar vir die Jode is nog nie verby nie, want die 'Wet van die Mede en Perse' kan nie herroep word nie (Fokkelman & Weren 2003:409). In die derde sekwensie neem Mordegai die plek van Haman in. Hy is nou in besit van die koning se seëlring en maak 'n nuwe wet wat grootliks ooreenstem met die vorige wet van Haman, behalwe dat die

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Jode nou die uitvoerders van die wet is en nie die slagoffers van die wet nie (Fokkelman & Weren 2003:409).

- ***Ommekeer in die lot van die Jode; die Purimfees*** ***(Ester 9:1-10:3)***
  - Mordegai se wet word uitgevoer (Ester 9:1-19)
  - Instelling van die Purimfees (Ester 9:20-32)
  - Epiloog (Ester 10:1-3)

Die omgekeerde gebeur op die dag wat Haman in gedagte gehad het om die Jode uit te wis: die Jode kan nou hulle vyande vernietig. Die eerste sekwensie vertel hoedat die Jode hulle vyande verslaan en ook van die tien seuns van Haman wat opgehang word. Dit word benadruk dat die Jode nie op die vyand se besittings beslag gelê het nie (Fokkelman & Weren 2003:409).

In die tweede sekwensie word die ommekeer van die lot van die Jode in breër perspektief geplaas: die gebeurtenis word blywend herdenk met die viering van die Purimfees. By die neerskryf daarvan het koningin Ester en Mordegai elkeen hulle eie insette gegee (Ester 8:20, 23, 29).

In ‘n kort slothoofstuk word beskryf hoedat koning Ahasveros verder regeer en belastings hef. Mordegai is tweede in bevel onder koning Ahasveros en hy beywer hom vir die welsyn van sy volk (Fokkelman & Weren 2003:409).

Die boek Ester is ‘n verhaal wat, soos ‘n gelykenis, sy punt maak wanneer dit as geheel gelees word. Die punt wat in die Ester-verhaal gemaak word, het baie fasette omdat dit baie langer as ‘n gelykenis is (Jobes 1999:40). Die fasette is ondervang in die boodskappe, motiewe en temas van die boek.

Die sekwensiële indeling van die boek Ester is ‘n sinopsis wat die lesers daarvan in staat sal stel om te besluit of hulle die boek as geheel wil lees en só al die fasette in die boek wil eksploreer en oordink, en of hulle net sekere dele daarvan sal lees en oordink. Omdat die lesers kennis gehad het van die sosio-kulturele agtergrond van die verhaal, sou hulle waarskynlik die verhaal as ‘n geheel gelees het. By die vieringe van die Purimfees word die Ester-rol, tot vandag toe nog, as ‘n geheel voorgelees (Jobes 1999:40).

.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## 6.3 DIE STRUKTUUR VAN DIE BOEK ESTER

Beide die formaat en die sekwensiële indeling van die boek Ester dra daartoe by om die inhoud te struktureer. Bechtel (2002:5) is van mening dat die boek se struktuur 'n bewys is van sy literêre kuns. Volgens Berg (1979:106) is die tema van ommekeer só belangrik dat die verteller sy verhaal volgens hierdie beginsel gestruktureer het. Die struktuur van ommekeer of peripetie reflekteer die outeur se wêreldbeskouing en voorsien die raamwerk waarbinne die teologiese implikasies van die verhaal verstaan kan word. Die boek Ester is 'n voorbeeld van wisselwerking tussen vorm en inhoud (Jobes 1999:41).

Volgens Anderson (Berg 1979:31) is die boek Ester 'n feeslegende wat poog om die oorsprong van Purim te verduidelik en om sy voortgesette vieringe te wettig.

### 6.3.1 Die chiastiese beginsel

Die chiastiese beginsel is 'n algemene kenmerk van literatuur uit die vroeë Israelitiese geskiedenis. Ester se outeur hou by die chiastiese tradisie wat hy van sy voorgangers geërf het (Berg 1979: 107-108).

'n Gewysigde voorstelling van die ooreenkomste tussen die tien feeste of bankette wat deur Fox (Bechtel 2002:5) geïdentifiseer is en in die boek Ester beskryf word, volg hieronder.

[ 1. Ahasveros se banket vir die adellikes (1:2-4)

[ 2. Ahasveros se banket vir al die mans in Susan (1:5-8)

(3. Vasti se banket vir die vroue (1:9)

(4. Ester se kroningsbanket (2:18)

5. Haman en Ahasveros se banket (3:15)

(6. Ester se eerste banket (5:4-8)

(7. Ester se tweede banket (7:1-9)

8. Die Joodse fees om Mordegai se glorie en die teendekreet te vier (8:17)

[9. Die eerste Purimfees: 14 Adar (9:17,19)

[10. Die tweede Purimfees: 15 Adar (9:18)

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Die analise lig die ommekeer uit. Die Persiese feeste van 1 en 2 is in teenstelling met die Purimfeeste van 9 en 10.
Die banket (3), wat lei tot die onttroning van koningin Vasti is in teenstelling met die banket (4), wat gehou is ter ere van Ester se kroning as koningin. Ahasveros en Haman klink glase om die uitvaardiging van die eerste proklamasie te vier (5), en die Jode lig hulle glase om die tweede proklamasie (8) te vier (Bechtel 2002:5-6).

Die hele boek Ester kan in een sin opgesom word:

**"The reverse occurred"** (Bechtel 2002:6).

Die grafiese uitbeelding deur Levenson (Bechtel 2002:6) is gedoen in die vorm van 'n **V**, waar die negatiewe kenmerke van gebeure in die boek Ester aan die linkerkant van die **V** gestel is, teenoor die positiewe gebeure aan die regterkant van die **V.** Waar die twee skuinslyne van die **V** ontmoet, is die ommekeer van die Jode se vrees na een van hoop en verwagting (Ester 6). Haman se verwagtinge word verydel en Mordegai se geluk begin draai. Hierdie draaipunt word presies beskryf in die woorde van Seres, Haman se vrou: "As dit so is dat Mordegai, voor wie jy hierdie eerste vernedering ondergaan het, tot die Joodse volk behoort, sal jy nie kan standhou voor hom nie. Voor hom sal jy heeltemal ondergaan" (Ester 6:13).

'n Gewysigde voorstelling van die grafiese voorstelling van die boek se groot teenoorgesteldes deur Levenson (Bechtel 2002:6) volg hieronder:

| | |
|---|---|
| **A** Grootheid van Ahasveros (1:1-8) | **A'** Grootheid van Ahasveros en Mordegai (Hoofstuk 10) |
| **B** Die twee Persiese bankette (1:1-8) | **B'** Die twee Joodse bankette (9:20-32) |
| **C** Ester identifiseer as 'n heiden (2:10-20) | **C'** Heidene identifiseer as Jode (8:17) |
| **D** Haman word verhoog (3:1) | **D'** Mordegai word verhoog (8:15) |
| **E** Anti-Joodse edik (3: 12-15) | **E'** Pro-Joodse edik (8:9-14) |
| **F** Beslissende poging van Mordegai en Ester (Hoofstuk 4) | **F' G**ewigtige besluit van Ahasveros en Ester (7:1-6) |
| **G** Eerste van drie bankette (5:6-8) | **G'** Tweede van drie bankette (7:1-6) |

**H**

Koninklike prosessie (Ester 6)

Anders as Fox (Bechtel 2002:5), beskou Radday (Berg 1979:108) die doelbewuste strukturering van die narratief as omvattend van die boek Ester in sy geheel en stel die volgende voor:

| | | |
|---|---|---|
| x | Opening en agtergrond (Ester 1) | ] |
| y | Die koning se eerste dekreet (Ester 2-3) | ] Menslike gevaar |
| z | Die botsing tussen Haman en Mordegai (Ester 4-5) | ] |
| | ➢ **'DAARDIE NAG KON DIE KONING NIE SLAAP NIE'** (Ester 6:1) | → **KRISIS** |
| z | Mordegai se triomf oor Haman (Ester 6-7) | ] |
| y | Die koning se tweede dekreet (Ester 8-9) | ] Redding |
| x | Epiloog (Ester 10) | ] |

In hierdie opsomming beskou Radday (Berg 1979:108) vir Ester 6:1 as die draaipunt van die narratief. In hierdie opsig is daar gedeeltelike ooreenstemming met Levenson (Bechtel 2002:6), wat die koninklike prosessie (Ester 6) as die draaipunt in die narratief beskou.

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



### 6.3.2 Parallelisme

"Parallelisme is 'n stylfiguur wat bestaan uit twee sinne wat feitlik identies opgebou is, en byna dieselfde betekenis dra" (Stander 2003:82).

In die boek Ester kom parallelismes ook voor, nie in opeenvolgende sinne nie, maar wel in verskillende makrostrukturele parallelismes.

"Toe Haman sien dat Mordegai nie kniel en aan hom eer bewys nie, was hy woedend" (Ester 3:5).

"...toe hy vir Mordegai in die poort van die paleis sien sit, en Mordegai staan weer nie op om aan hom eer te bewys nie, was hy woedend vir Mordegai" (Ester 5:9).

En ook:

"Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van my koninkryk, dit sal vir jou gegee word" (Ester 3:3).

"Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van die koninkryk, dit sal toegestaan word" (Ester 7:2).

### 6.3.3 Trislegomena

Radday (Berg 1979:110) wys op die interessante kenmerk van *trislegomena* in die boek Ester. Volgens Radday (Berg 1979:108) verwys trislegomena na sekere stylelemente wat ter wille van simmetrie driekeer gebruik word, byvoorbeeld daar word na drie bankette vóór die krisis verwys (Ester 1:3, 9; 2:18) en na drie feeste ná die krisis (Ester 7:2; 9:17, 18).

Daar is ook drie verwysings na die koninklike annale: aan die begin van die verhaal (Ester 2:23), in die middel (Ester 6:1) en aan die einde (Ester 10:2; Berg 1979:108).

Die struktuur is opgebou uit temas wat op sy beurt opgebou is uit motiewe. Die dominante motiewe in die boek Ester omvorm die boek tot 'n eenheid deur die bewuste gebruik van parallelismes en kontraste (Berg 1979:95).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## 6.4 DINAMIESE MOTIEWE IN DIE BOEK ESTER

Motiewe is die kleinste tekselement of verhaalelement en het met die verhalende eenheid van 'n teks te doen. Die motief is 'n isoleerbare eenheid wat in verskillende werke, of in dieselfde werk kan voorkom, maar steeds dieselfde betekenis dra (Cloete 1992:326). As die verhaal beskryf word in terme van verandering, bring dominante motiewe telkens verandering mee. Verhaalmotiewe stem ooreen met die abstrakte motief (tema) en word beskou as die draers van die temas in 'n verhaal (Cloete 1992:327).

Motiewe dui dus op implisiete konsepte wat die verteller as deel van die storie wil oordra (Berg 1979:95).

In die bespreking oor motiewe as deel van die makrostruktuur van die boek Ester, word eerder na dinamiese, as dominante motiewe verwys, omdat *verandering* gesien word as die kernmotief van die boek.

### 6.4.1 Motief: Feeste

Die fees bied 'n belangrike, indien nie primêre, rede vir die Ester-Mordegai-verhaal. Die boek Ester begin en eindig met feeste, alhoewel om verskillende redes. Die feeste of bankette bied 'n belangrike agtergrond vir die ontwikkeling van die storielyn in die boek.

Die term "fees" word feitlik uitsluitlik gebruik om te verwys na die konsepte van *eet* en *drink* by spesiale geleenthede. Die frekwensie van feeste in die boek Ester is 'n aanduiding van die belangrikheid daarvan in die verhaal (Berg 1979:31).

Die boek begin met twee feeste wat aangebied word deur koning Ahasveros: die eerste een vir die hoëlui en goewerneurs van al die provinsies in sy koninkryk en die tweede een vir al die mense in die stad Susan. Net om te verseker dat vroue ook betrek is by die feesvieringe, het koningin Vasti op dieselfde tyd 'n fees vir die vroue aangebied (Ester 1:1-9). Hierdie drie feeste skep die agtergrond vir die ontwikkeling van die storielyn (Berg 1979:32). Die banket wat in Ester 1:9 genoem word, voorsien die verteller van 'n geleentheid om koningin Vasti te onttroon. Indien die outeur se bedoeling was dat die twee feeste wat aan die begin deur koning Ahasveros aangebied is, die koning se

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



kroningsfeeste was, is dit ironies dat dit ook sy koningin se onttroningsbankette was (Berg 1979:34).

Die volgende fees wat deur koning Ahasveros gegee word, is vir die koning se amptenare en paleisbediendes ter ere van die nuwe koningin, Ester (Ester 2:18). Ester se kroningsbanket suggereer ‘n parallel met die koning se eerste fees. Terselfdertyd vorm dit ‘n kontras met die koning se tweede fees waartydens koningin Vasti onttroon is (Ester 1:3-4; Berg 1979:34).

Koningin Ester bied ook twee maaltye of feeste aan. In die hoogs beperkte gastelys van koningin Ester (net die koning en Haman), verteenwoordig koning Ahasveros gaste uit die provinsies, terwyl Haman die inwoners van die stad Susan verteenwoordig: die verteller verwys na Haman se huis in die omgewing van die paleis (Ester 5:9-14; 6:12-14; 7:9). ‘n Parallel kan hier getrek word met die eerste twee feeste van koning Ahasveros. In Ester 5:4, nooi koningin Ester vir die koning en Haman na ‘n maaltyd wat sy vir “hom (u)” voorberei het. Volgens die bewoording lyk dit asof Haman nie van die fees geweet het nie, alhoewel hy die eregas by die maaltyd was. Die maaltyd was hoofsaaklik vir die koning bedoel. Die tweede maaltyd word voorberei met ‘n spesifieke gas uit Susan in gedagte: Haman. Ironies genoeg is dit hierdie gas wat koningin Ester ontbloot as haar en haar volk se vyand (Ester 7:10; Berg 1979:33).

Die afsluiting van die boek Ester is parallel met sy begin. Die boek begin met ‘n beskrywing van ‘n fees en eindig met ‘n beskrywing van die Purimfees. Die Purimfees bestaan uit een dag se feesvieringe op 14 Adar, maar die Jode van Susan vier ook fees op 15 Adar. Die banketpaar van 14 en 15 Adar, voorsien balans aan die storie (Ester 9:27-28; Berg 1979:32).

Met Purim word die ommekeer van die verwagte lot van die Jode en die transformasie van ‘n magtelose volk na ‘n volk wat vrees by ander volkere inboesem, gedenk. Die feeswetgewing is die direkte gevolg van Mordegai se aanstelling in Haman se vorige pos (Berg 1979:35).

Die outeur van die boek Ester het ‘n boek gestruktureer waarvan die begin, middel en einde feesgesentreer is.

Die verteller gebruik die fees- en koningskapmotiewe om die dramatiese ommekeer in die status van die Jode in koning Ahasveros se Ryk te illustreer.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



### 6.4.2 Motief: '*Om te vas*'

Die aanvullende motief *om te vas*, is in kontras met die *feesmotief* in die boek Ester (Berg 1979:37). Daar word net twee keer spesifiek na 'n *vas* verwys: een keer voordat koningin Ester ongenooid na die koning gaan om te pleit vir haar en haar volk se lewens (Ester 4:16) en die ander keer voor die Purimfees (Ester 9:31). Alhoewel God se naam nie in die oorspronklike teks genoem word nie, word gevas in afhanklikheid van God om hulle tot hulp te kom. Dit is nie net koningin Ester en haar volk, die Jode wat vas nie, maar haar kamerpersoneel neem ook deel aan die eerste vas (Ester 4:16). In die eerste vas was koningin Ester en die Joodse volk benoud en het daar 'n atmosfeer van rou geheers omdat hulle onseker was van koningin Ester se lot as sy na die koning sou gaan. Koningin Ester was self nie seker of haar tussentrede suksesvol sal wees nie," As ek moet omkom, moet ek maar omkom" (Ester 4:16). In die vastyd het die Jode bly hoop dat die ramp afgeweer sal word deur koningin Ester se tussentrede (Berg 1979:39). In teenstelling hiermee is die vreugdevolle vas wat die Purimfees voorafgaan (Ester 9:31).

Die kontras tussen die hoopvolle vas wat Ester se voorspraak voorafgegaan het en die vreugde met die vas voor Purim, handhaaf die interne harmonie en struktuur van die narratief (Berg 1979:31).

Die gemeenskaplike vas is verander in 'n gemeenskaplike fees.

### 6.4.3 Motief: Die Purimfees as hoofmotief

Die narratief suggereer dat die naam van die Purimfees afgelei is van die woord *lot*. Gebruik van die woord is basies beperk tot Ester 9:20-32, waarin die instelling en regulasies van die Purimfees behandel word (Berg 1979:40). Die begrip *loting* kom egter ook in ander boeke in die Bybel voor (Josua 15:1; 1 Kronieke 24:8) en byvoorbeeld in Nehemia 11:1 "...Die ander mense het geloot om een uit elke tien in Jerusalem, die heilige stad, te laat woon...".

Volgens Ester 9:26, is die naam van die fees afgelei van die Pur of lot, wat Haman gebruik het om die dag waarop die Jode uitgewis moes word, te bepaal. Volgens Ester 3:7 lyk dit asof iemand anders namens Haman die lot gewerp het en in Ester 9:24 lyk

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



dit asof hyself die lot gewerp het. Hoe dit ookal sy, die instelling van die Purimfees was geen toevallige instelling nie.

Die vasgestelde datums, die 14de en 15de Adar, is die rusdae nadat die Jode hulle vyande afgeweer het. Adar is die maand "waarin hulle angs in blydskap verander het en hulle rou in feestelikheid" (Ester 9:22). Dit was dus 'n dramatiese ommekeer van hulle omstandighede en sosiale posisie in 'n vreemde land. Mordegai se proklamasie skryf die datums waarop Purim gevier moet word voor, asook die historiese begronding en gebruikswyse daarvan (Ester 9:23). Koningin Ester het die voorskrifte vir die Purimdae vasgestel (Ester 9:32).

"Hierdie dae van die Purim mag nie afgeskaf word onder die Jode nie en hulle nakomelinge mag nooit daarvan vergeet nie" (Ester 9:28).

### 6.4.4 Motief: Koningskap

Die Ester-verhaal word aangebied as 'n verhaal wat aan 'n koningshof afspeel en is gemoeid met die konsep van koningskap. Die titels *koning* en *koningin* word herhaaldelik gebruik sonder toevoeging van 'n eienaam. Die konteks klaar die referent uit (Berg 1979:59).

Koning Ahasveros is nie die enigste koning na wie verwys word nie. In Ester 2:6 word ook na koning Jojagin van Juda en koning Nebukadneser van Babel verwys. Al die groot en magtige dade wat koning Ahasveros gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van die Mede en Perse. Daarmee word die leser-hoorders waarskynlik uitgenooi om die egtheid van die verhaal te toets (Berg 1979:59).

Koningskap kan ook verwys na koninklike mag wat aan iemand anders as die heersende koning toegesê word, soos in die konteks van Memukan se raad aan koning Ahasveros dat koningin Vasti moet plek maak vir iemand "wat haar beter sal gedra as sy" (Ester 1:19).

Koningin Ester se koninklike mag, wat in Ester 1:19 geantisipeer word, word 'n sentrale saak in die verhaal. Tydens Mordegai se poging om koningin Ester te oorreed om as voorspraak vir haar volk by koning Ahasveros in te tree, kom die saak weer sterk na vore "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat koningin

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



geword het!" (Ester 4:14; Berg 1979:40). Dit berei die verhoog voor vir tonele waar koningin Ester se mag 'n  betekenisvolle rol speel. In opvolgende tonele verander Ester se passiewe gehoorsaamheid en gedrag na dié van 'n gesagvolle persoon in eie reg, waarin sy aan Mordegai opdrag gee om 'n beroep op die Jode in Susan te doen om ter wille van haar te vas (Ester 4:16). Koningin Ester se invloed, diplomasie en toenemende mag word duideliker namate die verhaal vorder. Ten spyte van Haman se aansien voor die koning, is dit Ester wat uiteindelik die grootste invloed op die koning het. "Die teëstander en vyand is hierdie lae mens, hierdie Haman!" (Ester 7:6). Haman is daarna opgehang.

Koning Ahasveros het "toe die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti" (Ester 2:17). Die kop is gereken as die mees eerbare deel van die liggaam en is vereer deur die dra van 'n kroon, wat koninklike status aandui (Pilch & Malina 1998:221). Volgens Brenner (1985:51) het dié koninginskap daaruit bestaan dat Ester die reg gegee was om, saam met Mordegai, die koninklike seël eenmalig by 'n spesifieke geleentheid te gebruik (Ester 8:8). Sy het geen vrye toegang tot die koning gehad nie. Koningin Ester se besoek aan die koning, sonder om ontbied te word, het groot persoonlike risiko vir haar ingehou (Ester 4:16, 5:2). Koning Ahasveros se verklaring dat hy bereid is om enigiets aan haar te gee "Al is dit ook die helfte van my koninkryk..." (Ester 5:3), het sy aanvaar vir wat dit bedoel was: beeldspraak gebore uit oordrewe goeie maniere. In werklikheid het Ester net die *titel* koningin gehad en het sy koninklike klere gedra (Ester 5:1).
Volgens Pilch en Malina (1998:21, 24) is rykdom en koninklike status gesimboliseer deur die dra van pers, blou en skarlakenrooi kleure en fyn linne. Klere het ook 'n aanspraak op eer gemaak in terme van geslag, rol en status en was daarom gereken as 'n *middele waarde* (Pilch & Malina 1998:23). Vroue het tradisioneel die rykdom van die familie of man (eggenoot) ten toongestel deur die juwele wat hulle gedra het (Pilch & Malina 1998:21). Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat toe koningin Ester haar "koninklike klere" aangetrek en op die derde dag van die *vas* na koning Ahasveros gegaan het, sy in kleurvolle deurskynende klere en ryklik behang met

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



juwele, voor hom verskyn het (Ester 5:1). Hy sou sekerlik gevlei gevoel het oor haar simboliese bevestiging van sy rykdom en mag.
Koningin Ester het geen amptelike verpligtinge gehad nie, behalwe om die koning se hoofvrou te wees. Sy was nie ‘n heersende monarg soos Isebel nie (Brenner 1985:31). Ironies is dat die verhaal van Mordegai se bevordering in die koninklike annale opgeteken is, maar niks oor koningin Ester neergeskryf is nie (Ester 8:2; 10:2).
Die klere wat deur ‘n gekroonde koning gedra is, asook die perd waarop die koning gery het, het simboliese betekenis vir die onderdane gehad (Berg 1979:6,8). Klere was nie net ‘n liggaamsbedekking nie, maar ‘n persoon se rol en status is hierdeur aangedui. Die soort klere waarin ‘n persoon geklee was moet dus in terme van die waardes *eer* en *skaamte* beskou word. Klere is ‘n *middele waarde* wat dien as uitdrukking van die kernwaarde van eer (Pilch & Malina 1998:20). Haman stel voor dat die persoon wat deur die koning vereer word, geklee moet word in ‘n kleed wat die koning self aangehad het. Hy moet ook ry op ‘n perd waarop die koning self gery het (Ester 6:8). Mordegai is nou verhef tot ‘n “kwasi koning”, ‘n man van hoë aansien by die koning en onder die volk. Mordegai bly egter nederig en gaan terug na sy pos in die poort van die paleis (Ester 6:12).
Mordegai ontvang koninklike mag wanneer koning Ahasveros sy seëlring van Haman se vinger afhaal en dit aan Mordegai gee (Ester 8:2). Die optrede van die koning stel nou vir Mordegai in staat om ‘n teendekreet uit te vaardig waarvolgens die Jode hulleself teen hul vyande kan verdedig.

Die genealogie van Mordegai herroep ‘n vroeëre konflik tussen twee konings, Saul en Agag (Berg 1979:67). Volgens die Ester-verhaal is Mordegai (en ook sy), uit die stam van Benjamin, wat teruggevoer kan word na koning Saul (Ester2:5). Na Haman word verwys as “Haman seun van Hammadata die Agagiet” (Ester 3:1). Hierdie verwysing sinspeel daarop dat Haman ‘n afstammeling van Agag, die Amalekitiese koning is vir wie koning Saul verslaan het (1 Samuel 15:8, 20, 32-33). Indien die konfrontasie tussen Mordegai en Haman ‘n spieëlbeeld van die vroeëre konflik tussen hulle voorvaders was, dan was die vete persoonlik omdat Mordegai ‘n Jood was (Berg 1979:67).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



Die aanname van die sosiale wetenskappe is dat die antieke Mediterreense samelewing diadies was, wat beteken dat die solidariteit van sosiale groepe van groter waarde was as die vooruitgang of oorlewing van individue (Pilch & Malina 1998:155). Mordegai was meer besorg oor die voortbestaan van die Jode as oor sy eie óf Ester se oorlewing in die beoogde uitwissingspplan van Haman. Dit is moontlik die rede waarom hy sy boodskap aan Ester as volg bewoord het: ”Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie” (Ester 4:13). Volgende hierop moes koningin Ester, wat innerlik ‘n Jodin was maar uiterlik die Persiese koning se vrou, ‘n onafhanklike besluit neem om vir haar volk in te tree. Volgens die Ester-verhaal was daar nie sprake van persoonlike gewin nie, maar het dit gegaan om die groter waarde van die groep – die Jode. Om onafhanklike besluite te neem, was volgens Pilch en Malina (1998:155) nie as ‘n sosiale waarde gereken nie. Sonder ‘n sin van persoonlike verantwoordelikheid sou Ester egter nie as voorspraak vir die behoud van die Jode kon optree nie. Groot Israelitiese profete soos Jeremia, sou ook nie kon funksioneer nie (Jeremia 20:9).
Pilch en Malina (1998:49-51) stel dit ook dat volgens diadisme, individue slegs waarde het in terme van hulle verhouding tot ‘n ander persoon of ‘iets’. Diadisme is dus ‘n *middele waarde* waaraan ‘n persoon se eer voortdurend bevestig of uitgedaag word. Persoonlike identitiet en kennis van hierdie tipe waarde behoort tot ‘n kulturele wêreld wat hoogs georden is, waar daar ‘n plek vir elkeen en elkeen op sy plek is (Pilch & Malina 1998:49-51). ‘n Individuele volk wat hulleself volgens soortgelyke waardes beskryf, neig om aan hulleself, of aan ander te dink in terme van stereotipes wat na hulle status of rol verwys, byvoorbeeld: Ahasveros koning van Persië (Ester 1), of Mordegai die Jood (Ester 2:5). Individue het ook waarde volgens die stam waaruit hulle kom, byvoorbeeld met verwysing na Mordegai as “Hy was uit die stam Benjamin...” (Ester 2:5) en “Haman seun van Hammedata die Agagiet” (Ester 3:1). Daar word ook na die waarde van individue in gesinsverband verwys, byvoorbeeld na Ester as Hadassa bat Abihail (dogter van Abihail)(Berman 2001:647).

In die boek Ester verslaan die Jode hulle vyande ten spyte van die gebrek aan ‘n onafhanklike, outonome monargie. Selfs onder vreemde oorheersing verhoog die Jode

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



se mag tot so 'n mate dat hulle ander volke in die Persiese ryk met vrees vervul (Berg 1979:69). Dimont (1994) skryf hierdie fenomeen toe aan die spirituele grense wat die geestelike leiers na die tweede ballingskap daargestel het. In die soeke na etniese oorlewing het die leierskap geval op twee hooggeplaaste Jode wat belangrike posisies aan die koninklike hof beklee het, naamlik Esra wat 'n skrifgeleerde was en dus vertroud met die wet van Moses (Esra 7:11) en Nehemia hoofskinker van koning Artasasta (Nehemia 2:1). Dit was hulle missie om Joodse bewustheid onder die diaspora-Jode te vestig.

### 6.4.5 Motief: Gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid

Koning Ahasveros se Ryk was streng volgens die imperiale wet regeer. Sodra die wet uitgeroep is, kon dit nie herroep word nie (Ester 1:19, 8:8; Berg 1979:72). Die verteller maak reeds vroeg in die verhaal die belangrikheid van die wet bekend. Selfs nie-afdwingbare drinkery word deur die wet beheer (Ester 1:8). Die koning neem nie 'n onafhanklike besluit oor die straf wat sy ongehoorsame vrou, koningin Vasti, opgelê moet word nie, maar vra aan sy raadgewers wat die wet sê (Ester 1:13). Koningin Ester se ongehoorsaamheid word oor die hoof gesien en is in direkte kontras met die onttroning van koningin Vasti (Ester 1:19; 5:3). Individue se reaksie op gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid teenoor die imperiale wet is 'n beslissende faktor in die ontwikkeling van die storielyn (Berg 1979:73).

In die verhaal kom koningin Ester as 'n gehoorsame karakter voor. Die begrip *gehoorsaamheid* ten opsigte van koningin Ester se karakteruitbeelding, is sinoniem met onderdanigheid en inskiklikheid en word in dié verband uitruilbaar gebruik.

Koningin Ester maak nie haar herkoms bekend nie, net soos Mordegai haar aangesê het om te doen (Ester 2:20) en die verteller herinner die lesers daaraan dat sy volhou om Mordegai te gehoorsaam. Koningin Ester se gehoorsaamheid, net soos haar ongehoorsaamheid, vervul verskeie funksies in die verhaal.

Inskiklikheid moet nie met passiwiteit verwar word nie. Die gedrag en aksies van 'n inskiklike persoon demonstreer sy/haar oortuiging ten opsigte van die kulturele en godsdienstige sisteem wat die samelewing waarvan hy/sy deel is, konstitueer en orden (Pilch & Malina 1998:32).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Nie net is daar ‘n sterk kontras tussen koningin Ester se gehoorsaamheid en koningin Vasti se ongehoorsaamheid nie, maar dit is ook ‘n ommekeer in Ester se passiwiteit wanneer sy opdrag aan Mordegai gee om ‘n vas onder die Jode uit te roep (Ester 4:15-17).

Koningin Ester lig die koning in oor Mordegai se lojaliteit. Verrassend genoeg word Haman kort daarna vereer, Mordegai is ‘ongehoorsaam’ deurdat hy die koning se bevel dat al die dienaars in die poort van die paleis voor Haman moet kniel, verontagsaam (Ester 3:2). Die ongehoorsaamheid van Mordegai veroorsaak ‘n onverwagte wending in die verhaal, deurdat koningin Ester nou genoodsaak word om ‘n poging aan te wend om haar volk te red. Koningin Ester se ongehoorsaamheid aan die wet is afkomstig van haar onvermoë om haar eie lotsbestemming te skei van dié van haar volk (Berg 1979:77).

Mordegai eerbiedig nie die koning se opdrag om voor Haman te buig nie, maar is gehoorsaam aan ‘n gebruik om nie met rouklere in die stad se poort in te gaan nie (Ester 4:2). Die ironie is dat hy nou ‘n gebruik eerbiedig omdat hy ‘n vorige wet verontagsaam het. Die motief van gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid kom telkens na vore in Haman se interaksie met Mordegai.

Die ongehoorsaamheid van Mordegai en koningin Vasti dui op die onverbiddelikheid van die Persiese administrasie (Berg 1979:75).

Inskiklikheid is ‘n integrale aspek van kulturele integrasie in samelewings waar streng gehou word by sosiale kodes, en waar leefwyses vereis dat gehoorsaamheid afgedwing en vergoed word en weerstand gestraf word (Pilch & Malina 1998:39). Die drie vriende van Daniël is in ‘n brandende oond gegooi omdat hulle geweier het on die goue beeld wat koning Nebukadneser laat maak het, te aanbid (Daniël 3:16). God het weer eens bewys dat Hy mense wat Hom dien, uit vreemde situasies red deurdat hulle ongeskonde uit die oond gehaal is. Die drie vriende het van hulle God gesê “Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag “ (Daniël 3:17). Hulle gehoorsaamheid aan God is beloon met seën in siviele sake. “Die koning het toe gesorg

dat dit goed gaan met Sadrag, Mesag en Abednego in die provinsie Babel" (Daniël 3:30).

Koningin Ester is twee keer ongehoorsaam aan die koning se wet: die eerste keer toe sy ongenooid die koning genader het, en wéér deur haar weiering om die rede te gee vir haar eerste oortreding (Ester 5:8; Berg 1979:78).

Die feit dat die Jode nie hulle vyande se besittings gebuit het nie, terwyl hulle die reg gehad het om dit te doen, dui op verdere ongehoorsaamheid van die Jode aan die koning.

Die verhaal eindig met die suggestie dat die Jode gehoorsaam is aan Joodse wette, in teenstelling met die ongehoorsaamheid van koningin Vasti aan Persiese wette, aan die begin van die verhaal (Berg 1979:81).

Die *wet* is 'n formele, sistematiese stelling (kodifikasie) van die norme in die samelewing . Die doel van die wet is om sosiale instellings in stand te hou. Wette word normaalweg gereguleer deur 'n persoon of persone in 'n outoritêre posisie soos konings, regters en militariste en word afgedwing deur die mag wat aan so 'n persoon toegesê is, óf deur die posisie en status wat hy in die samelewing beklee, óf deur God se wet aan Moses, die T*orah* (Pilch & Malina 1998:172).

Wanneer daar 'n onversoenbare konflik tussen gehoorsaamheid aan wette deur mense uitgevaardig en die wet van God is, kies die getroue Jode eerder om aan God gehoorsaam te wees en vertrou hulle hom om hulle van die gevolge van ongehoorsaamheid te vrywaar. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die vroegste Bybelse wetskodes volgens die beginsel van "soesereine ooreenkomste" (*suzerainty treaties)* van die antieke Hetiete opgestel is. Hiervolgens het groot konings ingestem het om hulle vasaal of kliënt konings te beskerm in ruil vir hulle lojaliteit (Pilch & Malina 1998:173). In Israel word geglo dat so 'n *wetlike* ooreenkoms of *verbond* tussen Jahweh, die *Groot Koning* en Israel sy *kliëntvolk* wat Hy uit die slawerny in Egipte verlos het, aangegaan is (Eksodus 20:1-17). "Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg" (Genesis 17:1) en verder "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond" (Genesis 17:7). Die gevolg van verbreking van hierdie verbond is onttrekking van God aan die mens en

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



sy lotgevalle. “As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel, sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd...Pasop dat julle nie verlei word om ander gode te gaan dien en te vereer nie, want dan sal die toorn van die Here teen julle ontvlam, en Hy sal dit nie laat reën nie” (Deuteronomium 11:13-16). Hieruit blyk dit dat gehoorsaamheid aan die wet van God beloon word en verwerping daarvan gestraf sal word. Moses se opdrag aan die Israeliete was: “Julle moet die Here julle God liefhê en altyd sy opdragte gehoorsaam: al sy voorskrifte en gebooie” (Deuteronomium 11:1).

Daniël het gekies om eerder vir God as vir koning Darius te aanbid, ten spyte daarvan dat hy in die leeukuil gegooi kon word. Hier was ‘n eksplisiete konflik tussen die wet van God en ‘n wet deur mense uitgevaardig. Omdat Daniël ‘n godvresende Jood was, het hy nogtans “voortgegaan om driemaal per dag voor God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank” (Daniël 6:11). Daniël is in die leeukuil gegooi, maar is deur God gered “My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit” (Daniël 6:22).

In teenstelling met die wet van God, is daar ook siviele wette waaraan mense in die samelewing gehoorsaam moet wees. Selfs in die antieke tye het wette verskil van volk tot volk, afhangende van hulle kulturele oriëntasie en normes en waardes. Wanneer ‘n volk onder dwang gedeporteer is was dit in hulle eie belang om die wette van die land waar hulle hul bevind het, te gehoorsaam.

#### 6.4.6 Motief: Wysheid

Volgens Bradshaw (1995:6) is die beste definisie van wysheid waarskynlik:

“the ability to make godly choices in life”.

Die studie en versameling van wysheidspreuke of spreekwoorde wat mense sou help om goeie besluite te neem, het die gedagtegang van mense in die antieke wêreld oorheers en konings het selfs mans in diens geneem om spreekwoorde te versamel en

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



neer te skryf. Die doel van wysheidspreuke is om mense van inligting te voorsien sodat hulle die regte keuses kan maak (Bradshaw 1995:6). Wysheidspreuke of spreekwoorde word ook elders in die Ou Testament gevind, soos byvoorbeeld in 1 Konings 20:11 "...Hy wat hom klaarmaak om te veg, moenie roem soos een wat klaar die oorwinning behaal het nie". Haman is 'n hoogmoedige man  wat planne vir die Jode se uitwissing geïnisieer het nog voordat sy planne deur die koning goedgekeur is. Hy maak hom skuldig aan 'n soortgelyke optrede wanneer hy 'n galg bou om Mordegai aan op te hang. In albei gevalle misluk Haman se planne. Haman se vernedering en val is groot. In plaas van Mordegai, word hy aan sy eie galg opgehang. "...(D)ie dwase word vernietig deur hulle selfversekerdheid...: (Spreuke 1:32).

As goed na die voorvalle gekyk word is dit eintlik Haman wat 'n bedreiging vir die koning is en nie Mordegai nie (Ester 3:6, 8-9; 5:13-14).

Die 'wysheidsboeke' van die Ou Testament is Job, Spreuke, Klaagliedere en Hooglied. Le Roux (1989:4-6) verwys na die ontstaanskringe van die wysheidsliteratuur in die Ou Testament as die familie of gesin waar sekere wyshede deur die ouers of grootouers oorgedra is. Dit was veral gedurende die ballingskap waar die ballinge in klein groepies by spesifieke plekke saamgekom het om oor die wet na te dink dat wysheidspreuke ontstaan het (Esegiël 1:1). Ná die ballingskap het die belangrikheid van die priesters en die wet toegeneem en die sinagoge het die plek van die tempel ingeneem. Die wet en die toepassing daarvan het nou 'n meer sentrale plek ingeneem. Die wysheidstradisie het die weg aangedui waarvolgens die wet in die daaglikse lewe uitgeleef moes word. "Ware wysheid het beteken dat Jahweh gevrees en sy wet uitgeleef moes word" (le Roux 1989:9).

Die verhale van Ester, Josef en Rut word as wysheidsverhale gereken. Omdat Ester geen melding maak van God of van geen edele karakter nie, is gemeen dat die boek nie in die kanon ingesluit behoort te word nie. Word die boek Ester egter vanuit 'n wysheidsperspektief  benader, verkry dit besondere betekenis, naamlik dat God onopsigtelik agter die skerms werk (le Roux 1989:27). Verdere wysheidsperspektiewe

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



is dat God in beheer is, dat God sy volk beskerm en dat God sorg dat sy volk in vreemde en vyandiggesinde situasies oorleef (Breneman 1993:295-297; Genesis 39:1-6; Eksodus 14:30-31; Ester 9:5-16).

Soos die boek Rut, is die boek Ester ‘n wysheidsverhaal en nie wysheidslering nie. Die afwesigheid van God se naam word hierdeur verklaar. Die Ester-verhaal reflekteer die leer van God, naamlik dat die regverdiges sal lewe en die sondaars tot niet sal gaan (Monyak 2001: 2).

Mordegai verneem van Haman se proklamasie om die Jode uit te wis, skeur sy klere en loop al kermende deur die stad se strate. Daarmee bevestig hy sy Joodsheid vir almal om te sien. Daar was ook groot smart onder al die Jode in die stad Susan (Ester 4:1-3). Koningin Ester stuur vir Hatak om uit te vind wat aangaan. Mordegai stuur ‘n afskrif van die proklamasie wat Haman opgestel en uitgestuur het en ‘n versoek dat sy vir haar volk by die koning moet intree, saam met Hatak na die koningin (Ester 4:6-9). Mordegai beantwoord Ester se huiwering om na die koning te gaan, met die volgende woorde: “As jy nou swyg en daar kom van ‘n ander kant af uitkoms vir die Jode... Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ‘n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!” (Ester 4:13-14).

Dit lyk asof die teks bevestig dat, as koningin Ester nie optree om te help om die Jode te red nie, hulle verlos sal word deur ‘n ander *agent*. Mordegai se bedoeling met “uitkoms van ‘n ander kant af” is nie duidelik nie (Ester 4:14). Talmon (Wiebe 1991:411) meen dat dit in hierdie konteks die frase *‘n ander kant* in werklikheid ‘n plaasvervanger vir die heilige naam van God is. Indien hierdie denkrigting reg is, is wat Mordegai regtig sê, dat as Ester stilbly, God tussenbeide sal tree ter wille van sy volk (Wiebe 1991:411). Volgens Ackroyd (Wiebe 1991:411) kan dit ook vertolk word as ‘n verwysing na *‘n ander god*, wat ontoelaatbaar sou wees. Dit blyk dat die outeur deurgaans God se naam op ‘n subtiele manier agter gebeure verberg en dit so uit die storie hou. Om hierdie rede sal Ackroyd (Wiebe 1991:411) eerder na *‘n ander kant* verwys as ‘n ander *bron* wat redding vir die Jode sal bewerkstellig. Clines (Wiebe 1991:411-412) hou voor dat Mordegai miskien gehoop het dat ondersteuning van ander Jode wat hoë poste in die Persiese Ryk beklee, sal kom of miskien dat die Jode self in

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



opstand sal kom, of dat dié Perse wat die Jode goedgesind is, tussenbeide sal tree. Wiebe (1991:413) is egter van mening dat Mordegai by implikasie sê dat koningin Ester die *enigste* bron van redding vir die Jode is. Hy probeer haar motiveer om op te tree, nie op die basis van 'n dreigement van goddelike oordeel nie, maar op grond van haar basiese lojaliteit teenoor haar volk en familie. Wiebe (1991:415) meen egter dat die interpretasie van *'n ander kant*, 'n verwysing na God is wat inpas in die totale konteks van die boek Ester.

Hierdie gedeelte van die Ester-verhaal is bevestiging van die wysheidsmotief wat die outeur in die verhaal ingebou het en wat subtiel deur die verteller beklemtoon word.

Die temas van die verhaal, wat meer abstrak is, is opgebou uit die dinamiese motiewe wat staan in die lig van *verandering.*

## 6.5 TEMAS IN DIE BOEK ESTER

Cloete (1992:326) beskryf die konsep *tema* as 'n abstrakte motief, dit wil sê, die abstrakte betekenis van die teks as geheel.

Die dominante motiewe in die boek Ester suggereer 'n spesifieke begrip van die situasie wat die verteller wou oordra. Die verteller se manier van aanbieding wys op sy narratiewe boodskappe. Wat egter belangrik is, is dat die temas belangrike sake is wat die outeur vir nadenke deur die lesers wou uitsonder (Berg 1979:95).

### 6.5.1 Tema: Mag

Die boek Ester begin met twee bankette, aangebied deur koning Ahasveros. Die storie eindig met twee feeste wat deur die kwasi koninklike karakter, Mordegai, as deel van die Purimfees aangebied is. Die koning se bankette is 'n aanduiding van die koning se groot rykdom en mag (Ester 1:4).

Die aanvanklike verse van die boek maak dit duidelik dat Mordegai 'n onderdaan van die koning is wat as balling in 'n vreemde land woon.

Die status van Mordegai se pleegkind is parallel aan syne. Koningin Ester se mag en persoonlike invloed op koning Ahasveros is direk verantwoordelik vir die redding van

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



haar volk. Ester se aanvanklike sosiale status binne die Persiese en Joodse samelewings was onbeduidend, want sy was ‘n weeskind en ‘n meisie daarby. Aanvanklik was Mordegai en Ester net verteenwoordigend van die laer vlakke van die sosiale leer.

Dit is treffend hoedat die boek Ester nie die besit van mag deur sy Joodse protagoniste, Ester en Mordegai, beperk nie. Die hele Joodse gemeenskap deel uiteindelik in hulle mag (Ester 6:13; Berg 1979:97). In Ester 9:5 word ‘n soortgelyke suggestie gemaak, naamlik dat die Jode die reg gehad het om met hul vyande te doen wat hulle wou. Teen die einde van die verhaal het die Jode vrees by hul vyande ingeboesem, in teenstelling met hul magteloosheid aan die begin van die boek. Net soos wat die feeste aan die begin van die boek ‘n vertoning van Persiese mag was, net so simboliseer die Purimfeeste Mordegai en die Jode se mag (Berg 1979:97).

Indien Ester 1:1-19 ‘n toonbeeld van die rykdom en mag van koning Ahasveros is, beteken dit dat hy vermoedelik ‘n deel van hierdie rykdom en mag aan Mordegai oorgedra het: “Die Jood Mordegai was tweede in bevel onder koning Ahasveros...” (Ester 10:3).

Mordegai se mag kom nie net van sy posisie in Ahasveros se administrasie af nie, maar ook van sy eie koninklike herkoms (Ester 2:5; Berg 1979:96). Mordegai se koninklike mag word uitgelig deur die verteller se uitbeelding van hom as ‘n kwasi koning. Mordegai verteenwoordig sodoende nie net die grootsheid van die Persiese hof nie, maar ook dié van Israel (Berg 1979:95).

Die verteller bevorder ‘n indirekte vergelyking tussen die mag van Ahasveros en die mag van Ester. Die koningin verontagsaam ‘n *onherroeplike wet*, maar sy word nie vir haar optrede gestraf nie. Inteendeel, die koning belowe haar dat “Al is dit ook die helfte van my koninkryk, dit sal vir jou gegee word” (Ester 5:1-3; Berg 1979:70). Die verteller se bedoeling is om die konsep van koning Ahasveros se mag by die teikengehoor tuis te bring (Berg 1979:95).

Groter as die uitgesproke mag wat deur koning Ahasveros toegepas word in die uitvoering van wette en dekrete waarvan in die verhaal vertel word, is die mag van Jahweh wat in stilte sy verbond met die Jode nakom om hulle van gewisse uitdelging te red as gevolg van Haman se slinkse plan.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



### 6.5.2 Tema: Lojaliteit aan die Joodse gemeenskap

Die naderende uitwissing wat die Jode in die grootste gedeelte van die boek Ester bedreig het, is die direkte gevolg van Mordegai se weiering om voor Haman te buig. Haman se edik word afgeweer deur optredes van ongehoorsaamheid wanneer koningin Ester, sonder om ontbied te word, voor koning Ahasveros verskyn (Ester 4:16; 5:1-2; Berg 1979:98).

‘n Reeks vinnig opeenvolgende ommekere word deur Koningin Ester se ongehoorsaamheid geïnisieer. Die outeur se fokus op die hoofkarakters verskuif nou van Mordegai wat vóór hoofstuk 5 die primêre dryfkrag was, na koningin Ester wat ná haar verskyning voor die koning, die dryfkrag agter die verdere gebeure in die verhaal word (Berg 1979:98).

Mordegai en koningin Ester se ongehoorsaamheid is gebaseer op hulle Joodse identiteit. Mordegai het geweier om voor Haman te buig, want hy “...het hulle laat verstaan dat hy ‘n Jood is” (Ester 3:4). Koningin Ester is ook ongehoorsaam aan ‘n koninklike wet en identifiseer haar met die Joodse gemeenskap (Ester 4:13-16). Die ongehoorsaamheid van die Joodse protagoniste stem nie ooreen met hulle gewone wetsgehoorsame geaardheid nie. Mordegai het reeds bewys dat hy begaan is oor die koning deurdat hy die koning se lewe gered het (Ester 2:19-23). Koningin Ester se ongehoorsaamheid verskil drasties van haar vorige beeld as die immer gehoorsame vrou (Berg 1979:99).

Die verteller suggereer dat Mordegai en koningin Ester se ongehoorsaamheid aan die koninklike wet ‘n bewys is dat hulle lojaliteit teenoor die Joodse gemeenskap hoër ag as trou aan die siviele regering. Met hierdie vertoon van lojaliteit teenoor hulle gemeenskap, wys Mordegai en Ester hulle gewilligheid om die gevolge van hul optrede te aanvaar. Mordegai se siviele ongehoorsaamheid beïnvloed nie sy lojaliteit teenoor die koning nie. Trouens, Mordegai word deur die koning vereer (Ester 6:10; Berg 1979:99).

Koningin Ester se pleidooi suggereer dat uitwissing van die Jode ‘n ondiens aan die koning sal wees (Ester 7:3-4). Koningin Ester dui aan dat sy ongehoorsaam aan die siviele wet is omdat sy vir haar volk en vir die koning omgee.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Die reaksie van die inwoners van al die provinsies op die koning se dekreet was een van smart en rou (Ester 4:3). Mordegai se verhoging en sy teendekreet het 'n totaal verskillende reaksie van die stad Susan se inwoners uitgelok: "...Die stad Susan het gejubel en gejuig. Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydskap en 'n gevoel van eiewaarde" (Ester 8:15-16). Die reaksie van Susan se inwoners is aanduidend van die Perse en die Jode se lojaliteit teenoor die Joodse gemeenskap. Die gemeenskaplike *vas* van die Jode in Susan is 'n verdere indikasie van solidariteit onder die Jode (Ester 4:16-17; Berg 1979:100).

Die motief van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid sinspeel op die waarde wat die verteller op die tema van lojaliteit teenoor die Joodse gemeenskap plaas.

### 6.5.3 Tema: Lojaliteit aan koning Ahasveros

Lojaliteit teenoor koning Ahasveros word deur verskeie optredes van sy onderdane uitgebeeld.

Mordegai hoor hoedat twee poortwagte saamsweer om die koning te vermoor. Hierdie inligting word aan koningin Ester oorgedra, wat dit op haar beurt weer aan koning Ahasveros meedeel. Die twee manne is aan 'n galg opgehang nadat die saak ondersoek is (Ester 2:19-23). Indien Mordegai en koningin Ester dislojaal teenoor die koning gewees het, sou hulle hierdie sameswering verswyg het.

Ester se inskiklikheid figureer betekenisvol in die samelewingskode van eer en skaamte wat aan die koningshof geheers het. Haar lojaliteit teenor die koning word daarin bewys dat sy die wet en gebruike van die koning wil nakom. "...(D)ie mense...weet dat daar net een wet is vir enigeen...wat na die koning toe gaan...as hy nie ontbied is nie: hy word sondermeer doodgemaak" (Ester 4:11). Dit blyk dat die lojaliteit wederkerig was, want die koning het sy goue septer na koningin Ester uitgesteek (Ester 5:2).

Haman is egter dislojaal teenoor die koning deurdat hy 'n burgeroorlog in die Persiese Ryk wil aanstig sonder dat die koning ten volle ingelig word oor die moontlike gevolge van so 'n optrede (Ester 3:8-15).

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



### 6.5.4 Tema: Marginaliteit van vroue

Fuchs (2000:13) argumenteer dat vroue nie net as marginaal in die Hebreeuse Bybel uitgebeeld word nie, maar dat die Bybel ook dien as voorspraak vir hulle marginaliteit. Verder word aangevoer dat die Hebreeuse Bybel 'n literêre teks is wat deur mans geskryf is, en dat dit 'n androsentriese teks is. Alhoewel die karakters van mans sowel as vroue in die Bybelse verhale volgens die patroon van die Bybelse patriargale sisteem gevorm is, word empatie en bewondering vir Jahweh of God, die sentrale manlike karakter, in die Bybel geskep.

Geen soektog na pre- of buite-Bybelse bronne en tradisies kan, volgens Fuchs (2000:14), die feit versag dat vroue verlaag word tot hulpbronne, hulle stemme onderdruk en hulle nasionale en religieuse betekenis verklein nie word in die finale aanbieding van Bybelse tekste nie.

Vroue word dikwels uitgebeeld as ondersteunend vir God, ongeag of dit eksplisiet beskryf is, en of dit in die teks geïmpliseer word. In die boek Ester word die ondersteunde rol van koningin Ester geïmpliseer. Die onttroning van koningin Vasti en die daaropvolgende aankoms van Ester die Joodse weeskind in die koning se paleis, is reeds 'n aanduiding dat sy 'n belangrike karakter in die ontplooiing van die verhaal kan wees. Die verteller maak gebruik van spesifieke beskrywings rakende die voorkeurbehandeling wat Ester ontvang het terwyl sy onder toesig van Hegai was (Ester 2:9).

Ester word as koningin gekroon sonder om haar volksverband bekend te maak. Koningin Ester vertel ook aan koning Ahasveros dat Mordegai gehoor het hoedat twee paleisbeamptes saamsweer om die koning te vermoor (Ester 2:19-23).

Daarná word vertel hoedat koningin Ester haar lewe waag om na koning Ahasveros te gaan sonder dat sy ontbied is (Ester 4:11; 5:1).

In die narratief word nie net van die redes waarom vroue ondergeskik is vertel nie, daar word ook vertel dat ondergeskiktheid noodsaaklik is (Fuchs 2000:14). Uit die Ester-verhaal blyk dit dat koningin Ester as gehoorsame, onderdanige vrou voorgestel moes word sodat die ommeswaai van onderdanige na selfhandhawende gedrag asook God se ingrype soveel groter impak op die lesers kon hê.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



Die ondergeskikte posisie van koningin Vasti word beklemtoon deur die optrede van koning Ahasveros om sewe eunuchs te stuur om haar na die koning te neem. As sy egter aan hierdie opdrag ongehoorsaam is, neem dit sewe raadgewers om uit te vind wat die regte straf volgens die Persiese wet sal wees. Dat koning Ahasveros nie self 'n besluit kan neem nie, blyk hier van geen belang te wees nie. Later in die verhaal is dit ook nie belangrik dat die koning moet weet watter van die volke in sy Ryk op Haman se aanbeveling uitgeroei moet word nie (Ester 1:13-22; 3:8-11). Dit is egter koningin Vasti, in haar ondergeskikte posisie as vrou, wat summier onttroon moes word. Die eerste dekreet in die boek Ester het betrekking op die afsetting van koningin Vasti (Ester 1:19). Die rede hiervoor is dat: "Die vooraanstaande vroue van Persië en Medië wat van die koningin se optrede gehoor het, (sal) dit vandag nog aan hulle mans vertel en hulle met minagting behandel" (Ester 1:18).

Die manlike Bybelverteller skep 'n argument vir die spesifieke vorming van magsverhoudinge (Fuchs 2000:15). Die karakter koningin Vasti reflekteer die manlike vrese dat hulle vroue nie meer *ontsag* vir hulle sal hê nie en dat hulle hul mans met *minagting* sal behandel (Ester 1:16-19). Fuchs (2000:29) is van mening dat die antieke lesers van die antieke literatuur geïnteresseerd was in die mag wat die teks uitgeoefen het.

Die politiek van onderdrukking en uitbuiting vereis bevryding. In die boek Ester vind die idee van onderdrukking en uitbuiting beslag in die idee van onherroeplike dekrete. Volgens Ester 1:19, kan die wette van die Mede en Perse nie nietig verklaar word nie. "...(D)dit moet onherroeplik wees, 'n wet van die Mediërs en die Perse" (Daniël 6:13).

"Even a woman trapped in a court of macho males nervous about their powers can carry the burden of deliverance. A woman of the Persian harem, emblematic of the exiled Jewish people, in her lack of power, living in a stranger's domicile in complete dependency on the whim and favour of others – can by the dint of courage, womanly charms, and nimble wit, bear the weight of national existence on her shoulders and give the nation the opportunity to redeem itself" (Fox 1991:132).

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



### 6.5.5 Tema: Onaantasbaarheid

Inherent tot die temas van mag en lojaliteit in die boek Ester, is ‘n bykomende tema, die onaantasbaarheid van die Joodse volk. Die duidelikste voorbeeld van hierdie tema is waar Seres, Haman se vrou en sy raadgewers aan hom sê: “As dit so is dat Mordegai, voor wie jy hierdie eerste vernedering ondergaan het, tot die Joodse volk behoort, sal jy nie kan standhou voor hom nie. Voor hom sal jy heeltemal ondergaan” (Ester 6:13).
Die *logika* van hulle uitspraak is dat Mordegai ‘n Jood is. Mordegai se stamboom (Ester 2:5) suggereer die lang geskiedenis van die Joode volk. Sy *persoonlike geskiedenis* dui op die deurlopende oorlewing van die Jode ten spyte van hulle gevangenskap en ballingskap (Ester 2:6).
‘n Ander verwysing na hierdie tema kom voor in die verwysing deur Mordegai na hulp wat die Jode vanuit ‘n *ander bron* sal ontvang as koningin Ester se bemiddeling by koning Ahasveros nie slaag nie (Ester 4:14; Berg 1979:104).
Die wysheidsmotief  dui op die tema van onaantasbaarheid.

### 6.5.6 Tema: Peripetie/Ommekeer

Die Ester-verhaal word gekenmerk deur toevallighede, wat seker net so buitengewoon vir die lesers in die antieke tyd voorgekom het as vir die moderne lesers. Mordegai hoor t*oevallig* hoedat twee paleisbeamptes saamsweer om koning Ahasveros te vermoor (Ester 2:19-23). Koning Ahasveros kan nie slaap nie en *toevallig* word die gedeelte in die annale gelees waarin Mordegai se lojaliteit teenoor die koning neergeskryf is (Ester 6:1-3). Terwyl die koning nadink oor hoe om Mordegai te beloon, verskyn Haman *toevallig* in die paleis se voorhof (Ester 6:4-5). Koning Ahasveros keer terug na koningin Ester se banket, *toevallig* op die oomblik dat Haman koningin Ester smeek om sy lewe te spaar (Ester 7:7-9). Die outeur van die verhaal bevestig sy eie geloof  daarin dat die Jode, ten spyte  van die gevare wat die diaspora-Jode bedreig, onaantasbaar is in die woorde van Mordegai: “...daar kom van ‘n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode...” (Ester 4:14; Berg (1979:104).
Peripetie word deur Aristoteles (Butcher 1951:27) beskryf as fundamenteel tot, en die kragtigste element van, emosie in ‘n tragedie. Dit gebeur wanneer ‘n optrede of situasie die teenoorgestelde resultaat produseer as wat verwag word (Berg 1979:105). Die

University of Pretoria etd – Baird, A C  (2004)



peripetiese beginsel gee uitdrukking aan die frustrasie van menslike verwagtings en demonstreer dat die gang van mense se lewens beïnvloed word deur magte buite hul beheer. Peripetie is nie beperk tot net Bybelse tragedies nie. Die reeks verrassende toevalllighede wat in die boek Ester voorkom, illustreer die beginsel van peripetie (Berg 1979:105).

Onwetend stel Haman die metode waarvolgens sy aartsvyand Mordegai, deur die koning vereer moet word, aan die koning voor (Ester 7:6-11), maar eintlik het Haman na die paleis gekom om goedkeuring vir Mordegai se dood te kry. Toe die koning later na koningin Ester se banket terugkeer, was dit net op die oomblik dat Haman, wat die Jode wou uitroei, om sy lewe pleit by die Joodse koningin. Die koning interpreteer dit as ‘n aanval op Ester. Die toevalllighede gee aanleiding tot Haman se dood aan die galg wat hy vir Mordegai opgerig het (Ester 7:10). In beide gevalle is peripetie aan die werk. Dit lei tot situasies wat die teenoorgestelde is van wat die lesers sou verwag.

Die toevalllighede in die boek Ester wys in een rigting: daar is goddelike werkinge wat onder die oppervlakte van toevalllighede lê. Hierdeur openbaar die boek Ester ‘n implisiete *teologie*, ten spyte van die afwesigheid van God se naam (Berg 1979:105).

Die tema van ommekeer is sigbaar in die hele boek Ester. Die lae sosiale status van die Joodse protagoniste het ‘n radikale verandering teen die einde van die verhaal ondergaan. Die aanvanklike magtelose Jode het groot mag tydens ontknoping van die verhaal verkry. Ommekere is ook duidelik in die storie se motiewe, waar geleenthede wat aanvanklik tot die Joodse *vas* gelei het, omgeswaai is tot vreugdevolle feeste. Selfs handelinge wat gewoonweg gestraf sou word, soos byvoorbeeld koningin Ester se ongevraagde verskyning voor koning Ahasveros, is aanvaar toe hy sy goue septer na haar uitgesteek het (Ester 5:2). Die tema van ommekeer is só belangrik dat die outeur selfs die struktuur van sy storie volgens hierdie beginsel georden het.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## 6.6 SAMEVATTING

‘n Analise van die makrostruktuur van die boek Ester is gedoen en bespreek.
Aandag is gegee aan die formaat van die boek, naamlik die inleiding, liggaam en slot.
Die logiese uiteensetting van gebeurtenisse in die Ester-verhaal is deur Siebret-Hommes (Fokkelman & Weren 2003:407-409) in vier sekwensies ingedeel wat in die breër raamwerk van die formaat pas.
Verskeie outeurs soos Fox (Bechtel 2002:5), Levenson (2002:6) en Radday (Berg 1979:108), beskou die struktuur van die boek Ester as ‘n bewys van sy literêre kuns. Genoemde outeurs se benadering tot die chiastiese beginsel is bespreek. Ander aspekte van die strukturele samestelling van die boek wat aandag gekry het, is parallelisme en trislegomena.
Die verhaalmotiewe wat ooreenstem met die meer abstrakte temas in die boek is as dinamiese motiewe beskryf na aanleiding van die verandering wat elke motief tot die verloop van die verhaal bygedra het.
Die abstrakte betekenis van die teks as geheel is as temas bespreek in die lig van die deurlopende tema: *Verandering*.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



# HOOFSTUK 7

## SLOTBESKOUINGE

***"Die boek Ester is die verhaal van God en van 'n vrou"***

Aanvanklik is die boek Ester gelees as 'n verhaal wat goed vertel is.
Geleidelik het dit duidelik geword dat dit 'n verhaal is wat gaan oor 'n jong vrou, Ester, in ballingskap en Jahweh, die God van Israel. Van die begin tot die einde van die verhaal word daar nie eksplisiet na God verwys nie, maar is Hy implisiet teenwoordig. Die boek Ester het eers vir die navorser betekenis begin kry namate die sosiale agtergrond waarteen die verhaal ontvou het en waarin die onbekende outeur waarskynlik geleef het, ge-eksploreer is. Dit is wanneer die boek Ester as gerekonstrueerde verhaal gelees word, dat die rykheid en diepte daarvan besef is en die boek verstaan word.

Ou-Testamentiese verhale word alte dikwels letterlik geïnterpreteer wanner dit gelees word. Op dié manier word 'n Bybelverhaal afgeskaal en verarm. Die koverte temas en boodskappe in 'n verhaal soos die boek Ester, kan eers ontdek word wanneer die verhaal binne die konteks van sy sosiale agtergrond, genre en strategie geplaas word. By gebruik van die sosiaal-wetenskaplike kritiek as analitiese metode, word daar nie soseer op die outeur en karakterontleding gelet nie, as op die teikengehoor wat die outeur by die skrywe daarvan in gedagte gehad het en die strategie wat hy gebruik het om sy doel te kan bereik.
Net soos wat die navorser haar ten doel gestel het om met behulp van die sosiaal-wetenskaplike kritiek as navorsingsmetode die boek Ester te verstaan, net so was die outeur van die boek Ester waarskynlik daarop ingestel om sy leser-hoorders te motiveer en te oorreed om getrou te bly aan die geloof in God as Verbondsgod en om die Joodse tradisies selfs in ballingskap te onderhou.
Die outeur het gepoog om geloofwaardigheid aan die Ester-verhaal te verleen deur te verwys na 'n spesifieke tydperk in die geskiedenis en ook deur Persiese name aan die

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



protagoniste te gee. ‘n Aanname kan dus met redelike sekerheid gemaak word dat die outeur nie bedoel het om ‘n historiese verhaal te skryf nie, maar veel eerder ‘n gerekonstrueerde fiktiewe verhaal wat teen die agtergrond van gebeure in die verlede afgespeel het.

Die teikengehoor op wie die Ester-verhaal in die na-eksiliese tyd gerig is, was na alle aanduidings oor die bekende Ou Nabye-Ooste en antieke Mediterreense streke versprei. Geskryf met die diaspora-Jode in gedagte, was die leeservaring egter nie van nie-Jode weerhou nie. Insluiting van die boek Ester in die kanon dra selfs tot in die 21ste eeu by tot ‘n genotvolle en insiggewende leeservaring.

‘n Bondige beskrywing van die geografiese ligging, asook die identiteit en sosiale netwerke, tradisies en geloof wat die leser-hoorders veronderstel is om met die outeur te deel, dra by tot begrip vir die strategie wat deur die outeur gebruik is om sy teikengehoor te bereik. Hierin het die outeur nie net sy leser-hoorders aangemoedig om die Joodse geloof en tradisies na te volg nie, maar is daar ook ‘n subtiele waarskuwing aan alle ballinge gerig om eerder die heerserland se wette te gehoorsaam as om swaar gestraf te word. Die onttroning van koningin Vasti en Haman se galgdood word as voorbeelde daarvan voorgehou.

Die mees eksplisiete strategie wat die outeur gebruik het om die teikengehoor te motiveer om die Joodse tradisies in stand te hou, was om beslag te gee aan die oorsprong van die Purimfees. In die Joodse kanon tel die boek Ester nie soseer vir sy werklike of denkbeeldige plek in die geskiedenis nie, as vir sy funksie as bewysteks en publisiteit vir Purim. Die Ester-verhaal is waarskynlik geskryf sodat dit tydens privaat vergaderings of openbare feeste voorgelees kon word. Die Ester-rol word tot vandag toe nog tydens die Purimfees hardop in sinagoges voorgelees. Die klem van die Purimfees val nie op die groot aantal mense wat doodgemaak is nie, maar beklemtoon die Jode se blydskap van oorwinning oor hulle vyande. Die Purimfees is as overte motief in die Ester-verhaal beskryf.

In die tradisie van die Joodse geloof is die grondliggende Jahwistiese ideologie in die vorm van koverte boodskappe in die verhaal verweef. In die boek Ester is die

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



interpreteerbare boodskappe dat God, ten spyte van botsende wêreldbeskouings, in beheer is en sy volk beskerm selfs al verkeer hulle in vyandige en vreemde situasies. 'n Belangrike aspek van hierdie ideologie is dat dit 'n nuwe vorm van hoop bring aan mense. In die boek Ester stel die outeur 'n nuwe vorm van hoop voor, naamlik dat God mense gebruik om uitvoering aan sy reddingsplan te gee. Ten spyte van die dreigende gevaar van uitwissing wat die diaspora-Jode in die gesig gestaar het, het die hoop op die 'Dag van Jahweh' nie vervaag nie. Die Jahwistiese ideologie versterk die spirituele behoeftes van 'n volk om verlos te word van die juk van ballingskap.

In die Ester-verhaal is gebruik gemaak van ander literêre invloede soos die verhale van Josef en Rut.

Literêre kenmerke soos ironie, humor en dié van 'n volksverhaal word deur die outeur gebruik om die abstrakte temas van die verhaal, naamlik mag, lojaliteit aan die Joodse gemeenskap en aan koning Ahasveros, die marginaliteit van vroue, onaantasbaarheid en peripetie, vas te lê. Die dinamiese motiewe onderliggend aan bogenoemde temas dra by tot die ontwikkeling van 'n boeiende storielyn. Skaars haal die leser-hoorders asem na die ontplooiing en afplatting van een intrige of die volgende een is reeds aan die opbou. Die slot van die verhaal is egter bondig en vat die oplossing van die probleem in 'n neutedop saam. In die laaste hoofstuk van die boek word egter slegs melding gemaak van koning Ahasveros se grootheid en mag, Mordegai se bevordering en laasgenoemde se ywer om die welvaart en veiligheid van sy volk te verseker. Geen melding word van koningin Ester gemaak nie.

Intersubjektiwiteit as funksie van intertekstualiteit is met welslae op die gemeenskaplike kennis van die leser-hoorders toegepas.

Die boek Ester word verstaan wanneer daar gelet word op die wisselwerking tussen inhoud en struktuur. Die formaat van die Ester-verhaal bestaan uit 'n inleiding, hoofgedeelte en 'n slot. Alhoewel dit voorkom asof die eerste hoofstuk van die boek Ester 'n aparte verhaal is, skakel dit tog in by die hooftema van die verhaal: *peripitie.* Die sekwensiële indeling van die boek Ester pas in die breër formaat van die boek in. Die inleidende gebeurtenisse word opgevolg deur die bedreiging van die Jode as gevolg

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



van Haman se magsposisie, die redding wat vir die Jode kom en die ommekeer in die lot van die Jode en instelling van die Purimfees.
Beide die formaat en die sekwensiële indeling van die boek Ester dra by tot die strukturering van die boek. Die tema van ommekeer is só belangrik dat die verteller die verhaal volgens hierdie beginsel gestruktureer het.
Toepassing van die outeur se kuns om ‘n goeie verhaal te skryf word verder bevestig in die gebruikmaking van die beginsels van chiasme, parallelisme en trislegomena.
Die beginsel van *ommekeer* reflekteer die outeur se wêreldbeskouing en voorsien die raamwerk waarbinne die teologiese implikasies van die verhaal verstaan kan word.

Die antwoorde wat gevind is in ‘n uitgebreide toepaslike literatuurstudie, gegrond op die nege vrae gestel deur Elliott (1993) in sy boek “What is Social-Scientific Criticism?” het dit vir die navorser moontlik gemaak om die boek Ester te verstaan.

Voortspruitend uit genoemde navorsing, is die navorser van mening dat die boek Ester sig leen tot verdere navorsing ten opsigte van:

- ‘n Vergelykende studie tussen sterk vrouefigure in Ou-Testamentiese verhale en polities sterk vrouefigure in die geskiedenis van die Ou Nabye-Ooste in die 20ste en vroeë 21ste eeu.

- ‘n Vergelyking tussen kulturele oriëntering as veranderingsagent vir interkulturele transformasie van diaspora-Jode in die tydperk 539 vC tot 332 vC en die 20ste en vroeë 21ste eeu.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



## 8. BRONNELYS

ACKROYD, PR 1970. *Israel under Babylon and Persia*. Oxford: Oxford University Press.

ALTER, R 1981. *The Art of Biblical Narrative*. New York: Basic Books Inc. Publishers.

AMIT, Y 1999. *History and ideology*. *Introduction to Historiography in the Hebrew Bible.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

BAR-EFRAT, S 1989. *Narrative Art in the Bible.* Sheffield: The Almond Press.

BARR, J 2000. *History and Ideology in the Old Testament.* Oxford: Oxford Press.

BECHTEL, CM 2002. *Interpretation. Esther.* Louisville: John Knox Press.

BERG, SB 1979. *The Book of Esther: Motifs, Themes and Structure.* Montana: Scholars Press.

BERLIN, A 1983. *Poetics and Interpretation of Biblical Narrative.* Sheffield: The Almond Press.

BERMAN, JA 2001. Hadassah Bat Abihail: The evolution from object to subject in the character of Esther. *Journal of Biblical Literature. 120/4 (2001), 647-669.*

BOSHOFF, W; SCHEFFLER, E & SPANGENBERG, I 2000. *Ancient Israelite literature in context.* Pretoria: Protea Bookhouse.

BOTHA, PJ 1998. Eer en skande in die Antieke Mediterreense Wêreld.(*Klas aantekeninge).* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BRENEMAN, M 1993. *Ezra, Nehemia, Esther. The New American Commentary.* Volume 10. USA: Broadman & Holman Publishers.

BRENNER, A 1985. *The Israelite Woman. Social role and literary type in Biblical Narrative.* Sheffield: JSOT Press.

BRIGHT, J 1979. *A History of Israel.* Revised edition. London: SCM Press.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



BUTCHER, SH 1951. *Aristotle's Theory of Poetry and Fine Art.* 4th edition. New York: Dover Publications

CARTER, CE & MEYERS, CL (eds.) 1996. *Community, Identity and Ideology. Social Science Approaches to the Hebrew Bible.* Indiana: Eisenbrauns.

CHALCRAFT, DJ (ed.) 1997. *Social-Scientific Old Testament Criticism.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

CLINES, DJ 1984. *Ezra, Nehemia, Esther. The New Century Bible Commentary.* London: Marshall, Morgane & Scott Publ. Ltd.

CLOETE, TT (red.) 1992. *Literêre Terme & Teorieë.* Kaapstad: HAUM-Literêr.

COLLINS, JJ 2000. *Between Athens and Jerusalem. Jewish Identity in the Hellenistic Diaspora.* 2nd edition. Michigan: Dove Booksellers.

DAY, L 1995. *Three faces of a Queen.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

DE RIDDER, RR 1976. *The dispersion of the people of God.* Kampen: JH Kok.

DIMONT, MI 1994. *Jews, God and History.* 2nd edition. USA: New American Library.

ELLIOTT, JJ 1993. *What is Social-Scientific Criticism?* Minneapolis: Fortress Press

FAULSTICH, EW 2000. *History, Harmony, The Exile & Return.* Iowa: Chronology Books.

FOKKELMAN, J & WEREN, W 2003. *De Bijbel Literair.* Zoetemeer: Uitgeverij Meinema

FOX, MV 1991. *Character and Ideology in the Book of Esther*. Columbia: University of South Carolina Press.

FUCHS, E 2000. *Sexual politics in the Biblical narrative.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

GOODMAN, N & MARX, GT 1987. *Society Today.* 3rd edition. New York: Random House.

GOTTWALD, NK 1979. *The tribes of Yahweh.* London: SCM Press.

GOTTWALD, NK 1985. *The Hebrew Bible - A Socio-Literary Introduction.* Philadelphia: Fortress Press.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



HOERTH, AJ 1988. *Archeology and the Old Testament.* Michigan: Baker Books.

JOBES, KH 1999. *The NIV Application Commentary. Esther*. Michigan: Zondervan.

KENNEDY, XJ 1983. *Literature. An Introduction to Fiction, Poetry, and Drama.* 5th edition. New York: Harper Collins Publishers.

LACOQUE, A 1996. *The Feminine Unconventional.* Minneapolis: Fortress Press.

LE ROUX, JH 1989. Wysheid. Ou Testament. 3de jaar Teologie. *(Klasaantekeninge).* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

LEVENSON, JD 1997. *Esther.* London: SCM Press.

LOADER, JA 1980. *Esther.* Nijkerk: Uitgeverij GF Callenbach.

MALINA, BJ 1993. *The New Testament World. Insights from Cultural Anthropology.* Louisville: Westminster.

MATTHEWS, V 1991. *Manners and Customs in the Bible.* Massachusets: Hendrickson Publishers.

MONYAK, L 2001. *Esther*. http://www.stjohnadulted.org/esther1.htm.

MURPHY, SCU 2002. *Social-Scientific Criticism.* http://www-relg-studies.scu.edu/facstaff/murphy/courses/exegesis/social-scientific.htm.

NEUSNER, J; LEVINE, BA & FRERICHS, ES (eds) 1987. *Judaic Perspectives on Ancient Israel.*Philadelphia: Fortress Press.

PILCH, JJ (ed.) 2001. *Social Scientific Models for Interpreting the Bible.* Leiden: Brill.

PILCH, JJ & MALINA, BJ (eds.) 1998. *Handbook of Biblical Social Values.* Massachusets: Hendrickson.

PLEVNIK, J 1993. S. v. Honor / Shame in: Pilch, JJ & Malina, BJ (eds.) *Biblical Social Values and their meaning. A handbook,* pp. 95-104.

ROGERSON, JW 1978. *Anthropology and the Old Testament.* Oxford: Basil Blackwell.

SINGER, MR 1987. *Intercultural Communication. A perceptual approach.* New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

SPARKS, KL 1998. *Ethnicity and Identity in Ancient Israel.* Indiana: Eisenbrauns.

University of Pretoria etd – Baird, A C (2004)



STANDER, H 2003. *Hoe om die Bybel beter te verstaan.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.

WIEBE, JM 1991. Esther 4:14: “Will Relief and Deliverance Arise for the Jews from Another Place?”. *The Catholic Biblical Quarterley* 53, 1991.